

**Leierskap, Spiritualiteit en Teologiese Opleiding:
Histories-teologiese perspektiewe in gesprek met die
lewe en werk van Dietrich Bonhoeffer**

Deur
Gottlieb Christiaan Bester

Werkstuk ingelewer ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes
van die graad Magister Divinitatis



aan die
Universiteit van Stellenbosch

Studieleier: Dr. R.R. Vosloo

Desember 2007

VERKLARING

Ek, die ondergetekende, verklaar hiermee dat die werk in hierdie werkstuk vervat, my eie oorspronklike werk is en dat ek dit nie vantevore in die geheel of gedeeltelik by enige universiteit ter verkryging van 'n graad voorgelê het nie.

Handtekening: Datum:




ABSTRAK

Die probleemstelling in die tesis fokus op die verhouding tussen die afname van die gesag van die leier, die verwagting van leierskap en die teologiese opleiding wat tans aan studente gebied word ter voorbereiding van die bediening in 'n gemeente.

Die navorser se voorstel vir die aanpak van die probleem is om in gesprek te tree met Dietrich Bonhoeffer, 'n Duitse teoloog uit die 20ste eeu. Die keuse vir Bonhoeffer is op grond van die ooreenstemming van die probleme in sy eie konteks met die probleme wat in die probleemstelling aangeraak is. Dit is die probleme wat die gesag van die leier, die verwagting van die leier en die verhouding tussen die geestelikheid van die leier en sy/haar leierskap betref. Die wyse waarop Bonhoeffer geestelikheid inkorporeer het in die teologiese opleiding by die seminarium by Finkenwalde, verskaf ook nuwe idees oor die inkorporering van geestelikheid in teologiese opleiding vandag. Bonhoeffer word ook gekies omdat hy self 'n persoon was wat gesag gehad het en die gesag is moontlik aan hom toegeken omdat hy die idee van die dienende leier beliggaam het.

In hierdie tesis word vier aspekte van Bonhoeffer se lewe en werke bespreek. Hierdie aspekte word binne 'n historiese-teologiese aanslag gebruik om die bydrae wat Bonhoeffer ten opsigte van die verhouding tussen leierskap, spiritualiteit en teologiese opleiding bied, uit te wys.




Eerstens word daar gefokus op 'n artikel van Bonhoeffer aangaande die leierskapsbeginsel en die gesag van die leier. Die doel hiervan is om eerstens die behoefte aan leierskap te erken en die invloed wat die sosio-politieke omstandighede op 'n leierskapsverwagting het, te bespreek. Tweedens word die verantwoordelikhede van die leier teenoor die gemeenskap, asook die beperkinge van die amp bepaal. Derdens word die gesag van die leier in die lig van God se gesag bespreek.

Tweedens word daar gefokus op die politieke en kerklike omstandighede in Duitsland tussen 1933 en 1935, wat aanleiding gegee het tot die stigting van die seminarium by Finkenwalde. Daar word ook gefokus op die uitdagings vir die oprigting van die seminarium en die wyse waarop 'n normale dag verloop het. Verder word die probleme wat die seminarium ondervind het a.g.v. die beperking wat die staat en die kerk daarteen ingestel het, bespreek. Die doel van die afdeling is eerstens om die leser 'n historiese oorsig te gee oor die omstandighede in Duitsland in die 1930's. Tweedens word daar gefokus op die wyse waarop Bonhoeffer sy leierskap in die publieke debat uitgeleef het.

Derdens word daar getoon hoe Bonhoeffer sy leierskap uitgeleef het in die laaste dae van die seminarium, wanneer die druk van die staat en Duitse Evangeliese kerk geweldig toegeneem het.

Derdens word daar gefokus op die teologiese wyse waarop Bonhoeffer die dag ingerig het by die Finkenwalde-seminarium. Die doel van die Christelike gemeenskap en die interaksie wat tussen Christene behoort te geskied word bespreek. Hier fokus hy eerstens op wat Christelike gemeenskap behels. Tweedens word daar klem gelê op die wyse waarop die dag saam met ander spandeer is. Derdens word daar gefokus op die wyse waarop die dag alleen spandeer is. Vierdens word die en laastens word daar gefokus op die rol wat belydenis en nagmaal in die gemeenskap vervul het. Die doel hier is eerstens om te verwoord hoe Bonhoeffer mense se geestelikheid en geestelike funksie in die gemeenskap verstaan het. Tweedens toon dit hoe Bonhoeffer as leier betrokke was in die aanbieding van geestelike aktiwiteite in die seminarium. Derdens toon hierdie afdeling die wyse waarop Bonhoeffer die mens se geestelike funksie as grondslag vir teologiese opleiding gesien het.

Laastens word daar gefokus op die wyse waarop Bonhoeffer as teologiese opvoeder ontvang is. Die doel is om te fokus op die herinneringe, indrukke en persepsies aangaande Bonhoeffer. Dit dui ook op die vrug van sy opleiding, vriendskap en menswees. Hierdie deel word egter nie ingesluit om 'n waarde-oordeel oor Bonhoeffer te maak nie, maar wel om die indrukke van mense in die verband in herinnering te herroep.



ABSTRACT

The statement of the thesis focus on the relationship decrease of the authority of the leader, the expectation of the leadership and the theological training offered in student preparation.

The researcher will attempt to answer the problems posed by the thesis statement through discourse with the 20th century theologian Dietrich Bonhoeffer. I used Bonhoeffer as an example for the problems he encountered in Germany strokes with the problem in my problem statement. This is a problem regarding the authority of the leader, the expectations of the leader and the relationship that exist between the spirituality of the leader and his/her own leadership. The manner in which Bonhoeffer incorporated the spirituality in the theological training at the seminary at Finkenwalde, posits new ideas regarding the incorporation of spirituality into today's theological training. The figure of Bonhoeffer is chosen because of his authoritarian position and also because he exemplified the ideology of the leader's authority.

The thesis will discuss four aspects regarding Bonhoeffer's life and work. These aspects are discussed from a historical theological perspective. This will highlight the contribution made by Bonhoeffer with regards to the relationship that exists between leadership, spirituality and theological training.


The thesis includes an article by Bonhoeffer regarding the leadership principle and the authority of the leader. The purpose is to acknowledge the need for leadership and influence that the social-political circumstances have on the leadership expectation. Secondly I will discuss the responsibilities that the leader has to his community as well as the limitations of the office. Lastly I will discuss the authority of the leader with regards to the authority of God

Secondly I will discuss the political and congregational circumstances in Germany between 1933 and 1935 that led to the establishment of the seminary at Finkenwalde. I will also focus on the numerous challenges posed by the establishment of the seminary as a result of the limitations imposed by the German state and church. The purpose here will be to give an historical overview of the circumstances in 1930's Germany. I will also focus on the manner in which Bonhoeffer lived out his leadership in the public debate and at the seminary at times when tremendous pressure was exerted by the state and German Evangelical Church.

Thirdly I will focus on the theological manner in which Bonhoeffer ordered his day at the Finkenwalde seminary. The purpose is to highlight the interaction that should occur between

Christians within the Christian community. Here Bonhoeffer focus on what Christian community is about, and how the day together should be spent. Thereafter Bonhoeffer discuss how a day alone should be spent. Further on he discusses the service within Christian relationships and the role that repentance and communion played within a Christian community. The purpose is to communicate the manner in which Bonhoeffer understood spirituality and its function within the community. Thereafter it also shows how Bonhoeffer was involved in the presentation of spiritual activities at the seminary. Bonhoeffer suggested that spirituality should be the foundation on which theological training is based.

Lastly I will focus on the manner in which Bonhoeffer was received by the Christian community as a theological educator. The purpose thereof is to focus on the impressions and perceptions regarding Bonhoeffer himself and the successes of his training, friendship and be-ing. This should not be regarded as critical in nature but rather as an ode to the man himself.



Inhoudsopgawe

1. Inleiding	9
1.1 Tema	9
1.2 Die assosiasie met hedendaagse leierskap en spiritualiteit	9
1.3 Die erkenning van die leier en teologiese opleiding	10
1.4 In gesprek met Bonhoeffer: Vier aspekte van sy lewe en werk	11
1.5 Samevatting	13
2. Bonhoeffer en die leierskapsbeginsel (1933)	14
2.1 Inleiding	14
2.2 Die oorsaak vir die behoefte aan leierskap in Duitsland in die 1930's	14
2.3 Die Führer - 'n Nuwe vorm van leierskap in Duitsland	17
2.4 Bonhoeffer se gedagtes aangaande leierskap	19
2.5 Samevatting	21
3. Teologiese opleiding by Finkenwalde 1935–1937: 'n Historiese oorsig ...	23
3.1 Inleiding	23
3.2 Omstandighede wat gelei het tot die stigting van Finkenwalde	23
3.2.1 Die politieke omstandighede	23
3.2.2 Die omstandighede binne die kerk	24
3.3 Bonhoeffer se reaksie op die politieke en kerklike omstandighede	25
3.4 Die seminarium by Finkenwalde	27
3.4.1 Die stigting van die seminarium	28
3.4.2 Die laaste dae van die seminarium	30
3.5 Samevatting	31
4. Die lewe tesame: Bonhoeffer se teologiese perspektiewe op gemeenskap en spiritualiteit	33
4.1 Inleiding	33

4.2	Gemeenskap	34
4.3	Die dag saam met ander	35
4.4	Die dag alleen	37
4.5	Diensbaarheid	38
4.6	Belydenis en die nagmaal	39
4.7	Samevatting	40
5.	Die resepsie van Bonhoeffer as teologiese opvoeder	42
5.1	Inleiding	42
5.2	Wolf-Dieter Zimmermann	42
5.3	Werner Koch	43
5.4	Johannes Goebel	44
5.5	Albrecht Schönherr	44
5.6	Hellmut Traub	45
5.7	Samevatting	46
6.	Samevatting en Gevolgtrekking	47
7.	Bronnelys	59



1. Inleiding

1.1 Tema

Leierskap, spiritualiteit en teologiese opleiding: Histories-teologiese perspektiewe in gesprek met die lewe en werk van Dietrich Bonhoeffer.

1.2 Die Assosiasie met hedendaagse leierskap en spiritualiteit

In vandag se wêreld is daar 'n groot verskeidenheid denominasies en Christene word aanhoudend blootgestel aan die verskillende wyses waarop daar kerk gehou word. In so 'n konteks is dit opvallend, maar sekerlik nie verrassend nie, om waar te neem dat daar in hierdie verskeidenheid kerke verskillende wyses is waarop die gemeentelede met die leier van die gemeente assosieer.

Hierdie verskillende wyses van assosiasie word egter nie elk direk toegeskryf aan spesifieke denominasies nie, alhoewel daar bepaalde ooreenstemmende tendense in verskillende tradisies voorkom. Die manier waarop ontsag aan die leier betoon word, verskil dus. Hierdie voorgestelde tendense is egter nie konstant deur 'n denominasie nie, intendeel. Enige kerk kan uit die tendens uitbreek. Dit hang net af op watter wyse die gemeente met die betrokke leier assosieer.

Aangesien die navorser baie belangstel in verskillende kerke en hoe die werkswyse van elkeen geskied, was dit opvallend om waar te neem dat kerke wat op hierdie stadium floreer, dit nie noodwendig kan toeskryf aan spesifieke teologiese oortuigings nie, maar eerder aan die wyse waarop daar geassosieer kan word met die leierfiguur in die gemeente. Hierdie assosiasie vind waarskynlik plaas op 'n verskeidenheid van vlakke; die punt is egter dat daar meer geassosieer word met die figure wat aan die behoefte van leierskap kan voldoen.

As die florerende kerke se leiersfigure dan so 'n groot rol speel, is dit sekerlik belangrik om op die hedendaagse leierskapstendense te fokus en daaruit afleidings te probeer maak wat 'n positiewe bydrae kan lewer in die opleiding van toekomstige leraars. In 'n bondige opsomming kan die leierskap in die hedendaagse kerk as gespesialiseerd gesien word, waar leiers hoofsaaklik fokus op hul spesifieke sterk punte in die bediening. Hierdie is sekerlik 'n goeie beginsel wat tans daarop fokus om die kontemporêre behoefte aan leierskap tegemoet te kom.

In realiteit gaan diegene wat tans teologiese opleiding geniet, nie noodwendig hulself in die bevoorregte posisie van spesialisering bevind nie. Die plasing van 'n leraar in sy/haar veld van spesialiteit is ook nie noodwendig 'n waarborg tot die sukses van daardie persoon se bediening nie. Geen invloedryke kontemporêre geestelike leier sal toegee dat hul sukses alleenlik toegeskryf kan word aan hul natuurlike talent nie. Vir hierdie “suksesvolle” leier speel geestelikheid 'n wesenlike rol in hul bediening. Hierdeur word daar nie geïnsinueer dat 'n minder invloedryke leier nie ernstig oor sy/haar geestelikheid is nie, maar eerder dat die “suksesvolle” leier wel vir ons wesenlike riglyne kan gee tot die opleiding van teologiese leiersfigure. Dit is die rede waarom daar gefokus word op die geestelike aspek van leierskapontwikkeling, sodat leraars eerstens hul primêre verantwoordelikheid as leiers van 'n gemeente kan vervul. Hierdie verantwoordelikheid is dan om na hul verhouding met God om te sien.

Die bogenoemde gedagtes bring ons nader aan 'n probleemstelling van hierdie studie.

1.3 Die erkenning van die leier en teologiese opleiding

Daar is 'n hedendaagse tendens dat geestelike leiers, en leraars in die besonder, hulle profetiese en priesterlike gesag verloor het. Hulle word nie meer as “gestuurdes van God” in die oë van gemeentelede, die media of in die breër konteks van die Christelike en openbare samelewing gesien nie. Oor die algemeen blyk dit dat die gesag wat God aan sy leraars gee, nie deur die kerke en breër samelewing erken word nie. Daar is dus 'n gesagskrisis in die kerk. Die rede hiervoor is dat die kerk se hedendaagse behoefte en verstaan van leierskap verander het. Aanvanklik was die kerk gemaklik met 'n outokratiese magstruktuur, maar vanweë 'n herinterpretasie van die kerkleiers se posisie is die gedagte van leierskap in die kerk geherkonseptualiseer. Die outokratiese leier moes vervang word met 'n nuwe vorm van leierskap wat nie soveel mag aan die individu toegeken het nie. In hierdie proses van herinterpretasie het leiers moontlik nagelaat om 'n onderskeid te tref tussen mag en gesag, wat veroorsaak het dat leiers die toeëiening van legitieme gesag nagelaat het.

Die voorstel is egter nie dat daar terugbeweeg word na die outokratiese leierbeeld met afdwingbare gesag nie. Dit sou nie wys wees nie. Daar is egter die gevoel dat in ons poging om al hoe meer weg te beweeg van 'n outokratiese leier, ons dit reggekry het om ook die positiewe eienskappe van 'n sterk invloedryke leier te verloor.

Die heersende Christelike siening van die ideale leier is waarskynlik die een wat op 'n dienende wyse die leiding kan neem. Dit is die persoon wat die rol van die nederige leier verstaan en dit ook

kan uitleef. Die rol het egter niks te doen met 'n foutlose lewe nie, maar gewoonlik blyk dit in die lewens van die leiers dat die vrugte van die Gees tot vervulling kom. Dit gaan dus nie oor die blote ontwikkeling van leierskap nie. Die doel is eerder om vas te stel hoe 'n prakties-georiënteerde geestelikheid die gesag van die leier kan beïnvloed. Die probleem wat geskep word, is op watter wyse 'n prakties-georiënteerde geestelikheid in teologiese opleiding ingebou kan word om sodoende 'n wesentlike invloed te hê in die wyse waarop leraars se gesag deur die samelewing erken word. Die rede waarom die invloed verlang word, is bloot die voordeel van die kerk en gemeenskap, en nie die eie gewin van die leier nie.

Hedendaagse teologiese opleiding gee meer 'n oorkoepelende idee van alles waarmee 'n leraar in die bediening te doen gaan kry en daardeur word die primêre rol van die leraar soms nagelaat, en dit is om opleiding te kry (oor die wyse waarop hy as geestelike leier in die gemeente moet funksioneer) deur die bediening en beliggaming van die Woord. Die kwessie van spiritualiteit word gereeld in die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van Stellenbosch bespreek. As daar wel aan geestelike vorming aandag gegee word, is die navorser van mening dat die gesindhede van teologiese studente wesentlik kan verander.

1.4 In gesprek met Bonhoeffer: Vier aspekte van sy lewe en werk

Die probleemstelling in die tesis fokus op die verhouding tussen die afname van die gesag van die leier, die verwagting van leierskap en die teologiese opleiding wat tans aan studente gebied word ter voorbereiding van die bediening in 'n gemeente.

Die navorser se voorstel vir die aanpak van die probleem is om in gesprek te tree met Dietrich Bonhoeffer, 'n Duitse teoloog uit die 20ste eeu. Die keuse vir Bonhoeffer is op grond van die ooreenstemming van die probleme in sy eie konteks met die probleme wat in die probleemstelling aangeraak is. Dit is die probleme wat die gesag van die leier, die verwagting van die leier en die verhouding tussen die geestelikheid van die leier en sy/haar leierskap betref. Die wyse waarop Bonhoeffer geestelikheid inkorporeer het in die teologiese opleiding by die seminarium by Finkenwalde, verskaf ook nuwe idees oor die inkorporering van geestelikheid in teologiese opleiding vandag. Bonhoeffer word ook gekies omdat hy self 'n persoon was wat gesag gehad het en die gesag is moontlik aan hom toegeken omdat hy die idee van die dienende leier beliggam het.

In hierdie tesis word vier aspekte van Bonhoeffer se lewe en werke bespreek. Hierdie aspekte word binne 'n historiese-teologiese aanslag gebruik om die bydrae wat Bonhoeffer ten opsigte van die

verhouding tussen leierskap, spiritualiteit en teologiese opleiding bied, uit te wys. Elke aspek word in 'n afsonderlike hoofstuk bespreek.

Hoofstuk 2 fokus op 'n artikel van Bonhoeffer aangaande die leierskapsbeginsel en die gesag van die leier. Die artikel is gebaseer op 'n radiovoordrag wat Bonhoeffer in Februarie 1933 gelewer het, maar wat afgesny is as gevolg van die radikale aard daarvan. Bonhoeffer het egter in Maart 1933 kans gekry om die toespraak te lewer as 'n lesing getiteld *Der Führer und der einzelne in der jungen Generation*, by die *Duitse Hochschule für Politik in Berlin*. Bonhoeffer bespreek ook die wyse waarop hy die leier se outoriteit, in die lig van God se outoriteit, interpreteer. Die doel van die hoofstuk is om eerstens die behoefte aan leierskap te erken en die invloed wat die sosio-politieke omstandighede op 'n leierskapsverwagting het, te bespreek. Tweedens word die verantwoordelikhede van die leier teenoor die gemeenskap, asook die beperkinge van die amp bepaal. Derdens word die gesag van die leier in die lig van God se gesag bespreek.

Hoofstuk 3 fokus op die politieke en kerklike omstandighede in Duitsland tussen 1933 en 1935, wat aanleiding gegee het tot die stigting van die seminarium by Finkenwalde. Hierdie historiese benadering word gebaseer op die werke van Eberhard Bethge en Elizabeth Raum. Daar word ook gefokus op die uitdagings vir die oprigting van die seminarium en die wyse waarop 'n normale dag verloop het. Verder word die probleme wat die seminarium ondervind het a.g.v. die beperking wat die staat en die kerk daarteen ingestel het, bespreek. Die doel van die hoofstuk is eerstens om die leser 'n historiese oorsig te gee oor die omstandighede in Duitsland in die 1930's. Tweedens word daar gefokus op die wyse waarop Bonhoeffer sy leierskap in die publieke debat uitgeleef het (teenoor Hoofstuk 2 waar net sy sienings aangaande leierskap bespreek is). Derdens word daar getoon hoe Bonhoeffer sy leierskap uitgeleef het in die laaste dae van die seminarium, wanneer die druk van die staat en Duitse Evangeliese kerk geweldig toegeneem het.


Hoofstuk 4 fokus op die teologiese wyse waarop Bonhoeffer die dag ingerig het by die Finkenwalde-seminarium aan die hand van sy boek *Gemeinsames Leben*. In hierdie boek omskryf Bonhoeffer die doel van die Christelike gemeenskap en die interaksie wat tussen Christene behoort te geskied. Hier fokus hy eerstens op wat Christelike gemeenskap behels. Tweedens word daar klem gelê op die wyse waarop die dag saam met ander spandeer is. Derdens word daar gefokus op die wyse waarop die dag alleen spandeer is. Vierdens word die diensbaarheid van die Christen bespreek en laastens word daar gefokus op die rol wat belydenis en nagmaal in die gemeenskap vervul het. Die doel van hierdie hoofstuk is eerstens om te verwoord hoe Bonhoeffer mense se geestelikheid en geestelike funksie in die gemeenskap verstaan het. Tweedens toon dit hoe Bonhoeffer as leier

betrokke was in die aanbieding van geestelike aktiwiteite in die seminarium. Derdens toon die hoofstuk die wyse waarop Bonhoeffer die mens se geestelike funksie as grondslag vir teologiese opleiding gesien het.

Die vyfde hoofstuk handel oor hoe Bonhoeffer as teologiese opvoeder ontvang is. Dit fokus op die bundel, *I Knew Dietrich Bonhoeffer*, waarvan Wolf-Dieter Zimmermann die redakteur was. Hierdie boek is 'n versameling van werke wat geskryf is deur persone wat Bonhoeffer ontmoet het, geken het, of wat by hom klas gehad het. Die doel van hierdie hoofstuk is om te fokus op die herinneringe, indrukke en persepsies aangaande Bonhoeffer. Dit dui ook op die vrug van sy opleiding, vriendskap en menswees. Hierdie hoofstuk word egter nie ingesluit om 'n waarde-oordeel oor Bonhoeffer te maak nie, maar wel om die indrukke van mense in die verband in herinnering te roep.

1.5 Samevatting

“I no longer believe in the university and never really have believed in it – a fact that used to rile you. The entire training of young seminarians belongs today in church-monastic schools in which the pure doctrine, the Sermon on the Mount, and worship can be taken seriously – which is really not the case with all these things at the university and, in present-day circumstances, is impossible” (Kelly & Nelson 2003:154).



Die navorser is wel nie soos Bonhoeffer gekant teen die universiteit nie, maar deur die navorsing sal daar graag klem gelê wil word op die bydrae wat Bonhoeffer se denke tot teologiese opleiding aan die Universiteit kan lewer. Die doel van die navorsing is om met nuwe oë na teologiese opleiding te kyk en die droom aangaande die produk van die opleiding uit te daag. Die navorsing wil ook die fokuspunt van die opleiding en die doelstellings daarvan uitdaag. Deur die tesis sal die navorser, deur die gesprek met Bonhoeffer, ook graag gedagtes deel aangaande Christelike interaksie soos wat dit by Finkenwalde bewerkstellig is, en die effek van die interaksie oor die lang termyn beklemtoon.

'n Gesprek met Bonhoeffer kan dalk net nuwe insigte gee op die hedendaagse problematiek wat in teologiese opleiding ervaar word en lig werp op 'n moontlike pad vorentoe.

2. Bonhoeffer en die leierskapsbeginsel (1933)

2.1 Inleiding

Op 1 Februarie 1933, drie dae nadat Hitler tot kanselier van Duitsland verkies is, het Bonhoeffer 'n toespraak aangaande die gevare van “die **leierskapsbeginsel**” oor die radio gelever. Bonhoeffer se toespraak was gegrond op die vraagstuk rondom leierskap in die gegewe politieke en sosiale konteks van Duitsland in 1933.

Hierdie toespraak aangaande die leierskapsbeginsel was nie 'n direkte aanval op Hitler as ‘der Führer’ nie, maar was meer gerig op die beginsel van leierskap wat aan die kerk en sy leierskap voorgestel word. Die artikel gaan uiteindelik nie net oor die voorkeur vir 'n tipe leierskap nie, maar oor die outoriteit wat in leierskap is, die verhouding tussen die leier en sy volgelinge en die leier se verstaan van die verantwoordelikheid wat hy in die proses dra. Bonhoeffer sluit dan af met (volgens hom) die **fundamentele** aspek van leierskap, wat ten slotte in die hoofstuk bespreek word. Die uitsending van die toespraak is egter afgesny aangesien daar gevoel is dat daar 'n rebelse neiging daaraan was (Bonhoeffer 1965:190). Bonhoeffer het die toespraak egter weer in Maart by die Duitse Hoërskool vir Politiek gelever¹.

Die doel van hierdie afdeling is om die Duitse nasie se behoefte aan leierskap en Bonhoeffer se reaksie tot hierdie **leierskapsverwagting** binne die konteks van die gegewe sosiale en politieke konstruksie tydens die 1930's, te analiseer. Hiervoor gaan Bonhoeffer se verhaal van die denkbeeldige broers (wat drie generasies in Duitsland voorstel) gebruik word om nie net hierdie behoefte te help identifiseer nie, maar ook om die totstandkoming van die behoefte te ontvou. In die hoofstuk word daar ook onderliggend gefokus op die ontwikkeling van Bonhoeffer se denke rondom leierskap en hoe sy rol as leier verander het. In die volgende hoofstukke sal daar gefokus word op die manier waarop hy later self leierskap uitgeleef het.

2.2 Die oorsaak van die behoefte aan leierskap in Duitsland in die 1930's

Bonhoeffer verduidelik die sosiale, politieke en ekonomiese omstandighede wat in Duitsland ter sprake was aan die hand van 'n denkeksperiment oor drie denkbeeldige broers. Daar word op die

¹ Sien Bonhoeffer, D. 1965. *Gesammelte Schrifte, Band II*. München: Chr Kaiser Verlag, p. 26 en Bonhoeffer, D. 1965. *No Rusty Swords: Letters and Notes*. London: Collins, p.190.

omstandighede in Duitsland gefokus sodat die leser die paradigmas van die mense betrokke, waaruit die behoefte aan 'n spesifieke vorm van leierskap ontstaan het, makliker kan begryp.

Bonhoeffer begin sy toespraak met die fokus op die drie denkbeeldige broers wat onderskeidelik in 1900, 1905 en 1910 gebore is. Hierdie broers het die verskillende wêreldbeskouinge van die bestaande jeug in Duitsland voorgestel. Die eerste groep het dood eerstehands beleef tydens die Eerste Wêreldoorlog (1914-1918) en het 'n sekere hardheid aan hulle gehad. Hierdie hardheid was teenoor hulself en teenoor hulle eie lewens en ook die van ander. Hierdie generasie was ook meer geneig om kans te vat met hul lewens. Aan die ander kant het hulle egter ook 'n sterk pro-lewe gesindheid en voel hulle ook 'n sekere mate van verantwoordelikheid vir die lewens van ander. Hierdie generasie was geslote en het hulle geskei van die ander twee wat nie eerstehandse ervaring van die dood gehad het nie. Op grond hiervan het die ouer generasie gevoel dat die ander generasies nie geweet het waarom die lewe gaan nie.

Die 1905-generasie het onder die invloed van die ouer, oorlog-ervare generasie grootgeword. Hulle insig het ontwikkel uit hul ouer broers se ervarings, maar hierdie insigte kon nie die vrae van hul huidige situasie, na die oorlog, beantwoord nie. Die situasie verskil verder omdat die ouer broer se kompleks van probleme² in 'n verantwoordbare situasie³ ervaar is. Die middelste broer het egter nie beskik oor 'n verantwoordbare situasie nie en dit was die radikale verskil tussen die twee generasies. Die jonger generasie het egter 'n behoefte aan die verantwoordbare situasie gehad, waar verantwoordelikheid uitgeleef kan word soos dit deur die ouer generasie gedoen is. Hierdie werkswyse was egter nie 'n opsie vir die jonger geslag nie. As gevolg van die druk van die ouer generasie, is die 1905-generasie geforseer om meer kreatief te wees en om hul eie vorm van lewe te skep, ten spyte van radikale kritici.

Net soos hierdie tweede generasie verantwoordelikheid begin oorneem het in die professionele arena, het die derde generasie (gebore in 1910) begin volwasse word. Hierdie derde generasie het besef dat mens nie onder die radikale kompleks van probleme kan bly leef nie en om hulle probleme op te los het hulle politieke aksie gevra. Hierdie generasie het volgens Bonhoeffer so ver gegaan as om realiteit vir hulself te herdefinieer. Hulle het die realiteit nie meer gesien soos dit was nie, maar soos dit moet wees. Hierdie denke, wat Bonhoeffer as naïef uitmaak, het tot gevolg gehad

² Kompleks van probleme verwys na die verskillende probleme wat 'n enkele geslag ervaar in 'n gegewe tyd en konteks. Dit het sekerlik in verband gestaan met die sosio-politieke omstandighede na die instelling van die verdrag van Versailles.

³ Bonhoeffer verwys na 'n verantwoordbare situasie wat verstaan word as die geleentheid wat die eerste generasie gehad het om in die oorlog betrokke te raak en so op te staan teenoor die gegewe omstandighede, 'n geleentheid wat die ander generasies nie gehad het nie.

dat die jeug van mening was dat hulle die realiteit kon ontwikkel en transformeer soos hulle wou. In hul denke kon hul verder sien hoe elemente van die koninkryk van God homself in hul geledere vestig. Hierdie metafisika van die realiteit⁴ is dan direk gekoppel aan politieke behoeftes en as gevolg hiervan ontwikkel daar politieke-chiliasiese⁵ denke by die 1910-generasie (Bonhoeffer 1965:192-193).

Hierdie drie groepe het dus uiteenlopende agtergronde en die agtergronde het die wyse waarop elkeen hulle eie konteks geïnterpreteer en gedefinieer, beïnvloed. Tog het daar ten spyte van die uiteenlopende agtergronde 'n Duitse identiteit gevorm, 'n deurslaggewende kultuur met 'n politieke verwagting.

Bonhoeffer bied 'n poging aan om die eienskappe wat 'n bindende rol vir die uiteenlopende generasies gespeel het, te definieer en te identifiseer. Vir hom was dit die generasies se gemeenskaplike ervarings. Al die groepe het gesien hoe die fondasies van die Weste geruk is. Hulle het oorlog, die direkte nagevolge van oorlog en ook die krisis na die oorlog beleef. Hierdie ervaring veroorsaak volgens Bonhoeffer dat die drie generasies saam met die ouer generasie (voor 1900 bv. die jeug se ouers) 'n gesamentlike doel het: om die deelname in 'n totale verval in die na-oorlogse era te vermy. Hiervoor het die vier generasies 'n gesamentlike ondersteuningsmiddel gesoek om die verval teen te staan. 'n Drievoudige impuls het die soeke na die ondersteuning ontloot: Eerstens het die mens agtergekom dat tegnologie oor sy uitvinder geseëvier het en tweedens het die magteloosheid van politieke, filosofiese en religieuse ideologie duidelik geword. Derdens het die mense hul eie magteloosheid besef. Die groot getal mense wat in die oorlog oorlede is en die massas mense wat nie kon werk kry na die oorlog nie het 'n oorweldigende indruk by die jong groep geskep. Die nietigheid en die alleenheid van die individu en die geesdoende mag van die menigte het 'n blywende indruk op die mense van Duitsland gemaak. Die betekenis en waarde van die ware gemeenskap en van die individu self, is vernietig en uit hierdie leegte het daar die behoefte ontstaan vir outoriteit, assosiasie en gemeenskap. Dit sou dus die wegbeweeg beteken vanaf die ouer, geslote geslag se denkraamwerk na 'n nuwe denkraamwerk, een van verlatenheid na gemeenskap, van isolasie na assosiasie, en van 'n gebrek aan outoriteit tot 'n nuwe outoriteit. Hierdie nuwe outoriteit word soos volg omskryf:

⁴ Metafisika van realiteit – die verstaan van die boustene van realiteit.

⁵ Chiliasme – verwys na Christelike millennialisme, die idee dat Christus vir 'n duisend jaar gaan regeer voor of na sy tweede koms.


“Now this new authority could only be conceived of as realized in the new man, not divorced from the reality of life, carried along by a new idea of life, and overcoming man’s solitariness” (Bonhoeffer 1965:193-195).

Die nuwe leier is deur ‘n droom verteenwoordig en die droom het die leier tipeer as ‘n almagtige persoon wat nie in die huidige omstandighede gebind kon word nie. Die leier sou die enigste persoon wees wat bo die sosiale omstandighede kon uitstyg en die volk sou kon lei en oprig tot wie hulle “behoort te wees”. Bogenoemde was die manier waarop die denke rondom die nuwe outoriteit geskets is. Daar was dus ‘n wesenlike behoefte aan outoriteit in die vorm van ‘n Leier. Met hierdie gedagte het die ideaal van ‘n Leier (Führer) na vore gekom.

2.3 Die Führer - ‘n Nuwe vorm van leierskap in Duitsland

Die konsep van die leier is egter nie nuut nie, maar Bonhoeffer lê klem op die tipe leier wat tot stand sou kom volgens die behoeftes van die nuwe generasie:

“...whereas earlier leadership was expressed in the position of the teacher, the statesman, the father, in other words in given orders and offices, now the Leader has become an independent figure. The leader is completely divorced from any office, he is essentially and only the Leader” (Bonhoeffer 1965:195).



Die belangrikste aspek van die Führer was dat hy nie meer die rol van leraar, staatsman en vader vervul het, soos ‘n gegewe amp dit sou bepaal het nie. Hy het ‘n onafhanklike figuur geword het. Die nuwe Führer sou heeltemal van die amp geskei wees. Waar die posisie van die amp normaalweg van die leier verwag het om gebondenheid te toon aan die bepaalde orde van die amp, het die Führer vrye keuse gehad. Dit het hier geblyk dat die nasie van die Führer verwag het om keuses te maak en dit uit te voer, aangesien hulle hulleself nie in ‘n verantwoordbare situasie gesien het nie. Die leierskapposisie is gewoonlik bewerkstellig deur iets neutraal soos die amp, kennis of vermoë van ‘n individu. By die heerskappy van die Führer kom dit egter van wie hy as persoon is. Ook het die sosiologiese posisie van die leier verander, voorheen moes hy die rol van die amp vervul waartoe hy verkies is, om so die belange van die volk te dra. Nou is daar egter van die Führer verwag om die volk te lei en besluite vir hulle te neem. Daar was dus voorheen van die leier verwag om na die mense om te sien, maar nou was daar van die Führer verwag om op homself te fokus, in die nuwe vryheid van die amp op te tree, en die land te lei (Bonhoeffer 1965:195-196).

Om die verwagtings ten opsigte van die nuwe leier en die redes waarom daar soveel outoriteit en gesag aan hom as persoon gegee sou word, beter te verstaan, sal dit goed wees om te verstaan hoe die leier tot sy amp verkies is. Die leier het uit die groep ontwikkel en is gekies deur die groep en nie oor die groep aangestel nie. Hierdie groep het hulle ontferm oor die leier en aan hom alles gegee, tot sy outoriteit. Hierdie leier het geen ander onafhanklike amp buite sy verpligtinge teenoor die groep nie en is gesien as die beliggaming van die groep se ideaal. Hy is egter nie die ideaal self nie en word nie in sy realiteit gesien as die ideaal nie, die ideaal lê eerder in die uitinge wat hy maak. Die jeug het vooruitbeweging verlang, 'n leier wie se menslikheid deur sy leierskap oorskadu is. Hulle het verwag van die Führer dat hy die gedisintegreerde persoonlike lewens van die individu in sy ideale menslikheid personifiseer. Die Führer moes ook terselfdertyd die geliefde vriend wees waarvoor als opgeoffer sou word en die een wees wat alles kon bied waarna tevergeefs gesoek is in die vader, die leraar en die amp (Bonhoeffer 1965:196).

Dit is hier waar die probleem van die jeugbewing (die eerste twee generasies) intree. Volgens Bonhoeffer gebeur dit as die leierfiguur die vaderfiguur vervang, die vader verloor so outoriteit en kan dit net herwin as hy self 'n leier word. Hierteenoor word die jeug bevry van die gegewe orde en kan hulle dus 'n keuse maak vir die een wat hulle vorm. Verder word die Führer nou die een wat leiding kan gee aan die jeug om hul eie onbekende beter self te ontdek. Dit raak vir Bonhoeffer die strewe van die leier en sy volgelingen na die uitbou van hul eie ego. Die verantwoordelikheid en orde word eerder geïnternaliseer, en die individu word 'n wet teenoor homself. Die gevolg hiervan is eerder 'n nuwe vorm van individualisme as die vorming van ware gemeenskap. Die ironie van die saak is dat as die Führer suksesvol is in sy taak om die individu op te bou, die loopbaan van die leier tot 'n tragiese einde kom. Dit is omdat die Führer se leiding persoonlik is en nie objektief nie, en dit is nie lank voor hyself, en die volgelingen, besef dat hulle onder 'n illusie gelei word nie. Hierdie realiseringsproses veroorsaak dat die Führer se outoriteit, en daarmee saam die getrouheid en die verbondenheid van die volgelingen, verval (Bonhoeffer 1965:197).

Dit is hier waar die jongste generasies se denke 'n unieke bydrae begin lewer het. Die jongste generasie het meer gefokus op die politieke krisis en het gevra na 'n politieke leier aangesien alle vorige ordes en institusies gefaal het. In die soeke na die een man wat as politieke leier sou opstaan het alle onenigheid tussen die generasies verdwyn, die verskille het nie meer saak gemaak nie, en almal het nou gefokus op hul gemeenskaplike plig. Skielik is die familiêre verwagting van die leier laat vaar, vriendskap is vervang met kameraadskap, en onderdanigheid het opoffering vervang. Die individualis het verander in 'n persoon wat sy keuse bewustelik ophef en onvoorwaardelik aan die leier onderdanig word. So het die individualis ook enige vorm van verantwoordelikheid aan die

leier oorgegee. Dit is die oorgawe van verantwoordelikheid, wat aanvanklik voorgekom het as 'n vorm van kollektiwisme, wat nou verander in 'n geïntensiverde vorm van individualisme. Die rede hiervoor is dat een van die kernaspekte van gemeenskap, naamlik die verantwoordelikheid teenoor die ander, nie meer betrokke is nie (Bonhoeffer 1965:199).

In die voorafgaande paragrawe is aangetoon hoe Bonhoeffer die gemeenskaplike ervarings van die generasie identifiseer wat gedien het as fondasie tot die behoefte aan die Führer. Dit het aanleiding gegee tot die behoefte dat hierdie nuwe leier 'n onafhanklike radikale figuur moes wees. Bonhoeffer fokus ook op die oorsprong van die outoriteit van die Führer en identifiseer dit as intern aan die groep. Dit kom vanuit die groep en het 'n opwaartse beweging na die Führer. Hierdie opwaartse beweging het die oorgawe van verantwoordelikheid weerspieël. Die aanvanklike politiese leierskap wat hierbo genoem is, word nou 'n polities-messiaanse leierskap. Hierdie messiaanse leierskap kan egter nie vergelyk word met die verstaan van die piëtistiese ideaal van gemeenskap nie aangesien dít verwys na die **universele** Koninkryk van God op die **hele** aarde. Hier was Bonhoeffer egter van mening dat die jongste generasie hierteen gekant was (Bonhoeffer 1965:200).

2.4 Bonhoeffer se gedagtes aangaande leierskap

Beide vorme van leierskap, die wat deur die amp gebied word en die bogenoemde ontwikkelende vorm van leierskap, het volgens Bonhoeffer tekortkominge. Geen individu onder die leierskap van die amp of van die Leier, kweek 'n sin van onbreekbare eenheid of 'n werklike verstaan van verantwoordelikheid nie. Verder meen Bonhoeffer:

“... neither obedience towards a father nor subjection to the Leader can lay the foundation of a community in which the I and the Thou have a genuine relationship one to the other” (Bonhoeffer 1965:201).

As bogenoemde konsepte dan nie genoegsaam is vir die idee van die Führer nie, ten spyte van die histories-bewysde noodsaaklikheid van 'n leier, is die vraag eerder: Wat is die plek van die Führer in die struktuur van outoriteit en watter plek neem die individu in as gevolg van die outoriteit van die leier? Bonhoeffer is van mening dat as die jeug na vore kom met die behoefte aan 'n Führer, is dit die Führer se verantwoordelikheid om sy volgelinge konstant te herinner aan die beperkte funksies van sy rol. Daar was egter ook gevare vir die nuwe vorm van leierskap:

“... if he allows himself to surrender to the wishes of his followers, who would always make him their idol – then the image of the Leader will pass over into the image of the misleader, and he will be acting in a criminal way not only towards those he leads, but also towards himself” (Bonhoeffer 1965:202).

Die leier kan dus nie self instem tot die behoeftes van sy volgelinge nie, anders raak die Führer ‘n afgod en ‘n misleier vir sy volgelinge en hierdeur sal hy in ‘n kriminele wyse optree teenoor sy volgelinge en ook teenoor homself. Die Führer is veronderstel om sy volgelinge weg van sy eie outoriteit te lei na die outoriteit van die hiërargie en die amp. Hierdie leier moet hul verder lei om die verantwoordelikheid teenoor die orders en die amp te erken, ‘n verantwoordelikheid wat hulle het teenoor die vader, leraar, regter en staat. Die Führer is in diens van die staat en mag dus onder geen omstandighede die afgod van die gemeenskap word nie. Die staat moet verstaan dat hy, die Führer, as individu tydelik is en dat hy net ‘n rol speel in die groter werklikheid. Sy werk is slegs om die mense wat hom volg tot hulle eie volwassenheid te lei. So, al sien die wat gelei word steeds die Führer as die enigste een wat werklik vry is, is hy egter veronderstel om die een te wees wat op die diepste moontlike manier verbind is aan sy volgelinge en eintlik bloot in diens van hulle staan (Bonhoeffer 1965:201-202).

Al sien die Führer ook die bogenoemde verhouding tussen sy posisie as leier en die posisie wat die volk dan inneem as gevolg van sy leierskap reg, is Bonhoeffer steeds van mening dat die mens so nie in sy volheid erken word nie. Dit is eers as die Führer die diens van sy amp as sekondêr sien tot sy diens aan God waar die regte verhoudings tussen amp en volgelinge verstaan kan word. Hier, voor God, dra die individu sy eie verantwoordelikheid en staan hy alleen, maar in die alleenheid word die mens egter wie hy is, vry en verbind in verantwoordelikheid op dieselfde tyd. Nou word die mens in werklikheid ‘n individu, en verstaan hy dat hy tussen ander geplaas is, hy is verbind aan hulle, en hy verstaan homself as iemand in die gemeenskap (Bonhoeffer 1965:203).

Bonhoeffer sluit sy artikel af deur te bevestig dat die gevaar van sy tyd sou wees as die gegewe outoriteit, hetsy die Führer of die amp, sou vergeet dat mens op die ou einde voor die uiterste outoriteit gaan staan. Enigiemand wat dus geweld toepas teenoor ‘n ander en so bomenslike outoriteit neem, neem ‘n outoriteit wat homself sal vernietig. Die Führer is dus iemand in ‘n amp vir Bonhoeffer, maar die Führer en die amp verwys ook maar net na die eintlike outoriteit.

“Leaders or offices which set themselves up as gods mock God and the individual who stands alone before him, and must perish. Only the Leader who himself serves the penultimate authority can find faithfulness” (Bonhoeffer 1965:204).

2.5 Samevatting


Daar is reeds daarop gewys dat Bonhoeffer onder andere die gemeenskaplike ervarings van die generasie geïdentifiseer het wat as fondasie gedien het tot die behoefte aan die Führer. Die verskynsel het op sy eie weer aanleiding gegee tot die behoefte dat hierdie nuwe leier ‘n radikale onafhanklike figuur moes wees en dat die oorsprong van sy outoriteit as intern vanuit die groep gesien moes word met ‘n opwaartse beweging na die Führer. Hierdie opwaartse beweging het die oorgawe van verantwoordelikheid weerspieël. Die aanvanklike politiese leierskap word dus ‘n polities-messiaanse leierskap.

As Bonhoeffer egter sy siening oor leierskap verder uitbrei, gaan dit duidelik op hierdie stadium nog oor die leier se verstaan van sy eie gesag, die wyse waarop hy die mag van die amp gebruik, die manier waarop die leier sy volk probeer oprig en die manier waarop hy werklike gemeenskap probeer bewerkstellig. Verder is dit duidelik dat Bonhoeffer die posisie van die amp verkies bo die van die Führer. Die amp is die posisie wat gerespekteer moet word onafhanklik van die persoon in die amp, en diegene wat die amp beset behoort hulle verwagte bevoegdheid regverdig op te tree.

Agter die optrede van die persoon wat die amp beset, is daar egter ook ‘n dieper verstaan van die gesag wat duidelik vir Bonhoeffer belangrik is. Die verstaan van gesag kan nie net tot die amp en die struktuur en/of die verhouding tussen leier en volgelinge beperk word nie. Die leier se posisie van gesag staan in die skadu van die gesag van God en dit is eers as die leier sy diens aan God bevestig dat hy sy eie diens aan die volk tot werklike vervulling kan laat kom. Ten opsigte hiervan is dit dus duidelik dat daar ‘n teologiese en geestelike sy aan die gesprek aangaande leierskap is. Daar sal in Hoofstuk vier op die praktiese implikasies van geestelikheid gefokus word soos dit deur Bonhoeffer verstaan is en by die seminarium te Finkenwalde uitgeleef is.

Hierdie hoofstuk het hoofsaaklik gefokus op die politieke en sosiale omstandighede wat saamgewerk tot die vraag na ‘n spesifieke vorm van leierskap. Die volgende hoofstuk gaan fokus op die politieke skuiwe wat gemaak is na Hitler se verkiesing tot Kanselier. Daar gaan ook gefokus

word op die polities-kerklike situasie wat die behoefte aan 'n onafhanklike teologiese seminarium te Finkenwalde meegebring het.



3. Teologiese opleiding by Finkenwalde 1935-1937: 'n Historiese oorsig

3.1 Inleiding

In die vorige hoofstuk is daar gekonsentreer op Bonhoeffer se siening in 1933 aangaande leierskap, die magposisie van die leier, en die verantwoordelikheid van die leier. Bonhoeffer het afgesluit met die oortuiging dat leierskap meer as net oor 'n tipe leierskap gaan. Die idee van leierskap word eers vervolmaak sodra die leier self beseft dat hy nie die laaste outoriteit is nie, maar dat sy outoriteit in die lig van God se outoriteit staan.

Hierdie hoofstuk fokus op die vyf jaar nadat Bonhoeffer die toespraak aangaande “die leierskapbeginsel” oor die radio uitgesaai het. Die navorser gee 'n bondige opsomming van die geskiedenis om te illustreer hoe en of Bonhoeffer by sy standpunte aangaande leierskap gehou het. Die opsomming dui ook op die wyse waarop Bonhoeffer sy leiers uitgeleef het. Hierdie identifisering kan egter op twee vlakke geskied, naamlik die manier waarop Bonhoeffer sy leierskap uitgeleef het in die publieke arena en die manier waarop hy sy leierskap in 'n kleiner omgewing beoefen het.

Om hierdie twee vlakke te illustreer, sal daar gefokus word op die tydperk 1933-1937. Bonhoeffer het van 1933 tot 1934 in die politieke/publieke arena sy leierskap beoefen en vanuit die Duitse Evangeliese Kerk sy invloed uitgeoefen. Daarna het Bonhoeffer van 1935 tot 1937 leiding geneem by die Finkenwalde-seminarium, waar sy leiding in die kleiner groep en in 'n kleiner omgewing bespreek gaan word. Alhoewel die bespreking ook chronologies op mekaar volg, moet daar egter daarop gelet word dat Bonhoeffer nooit net op 'n gegewe tydstip in een spesifieke arena betrokke was nie, maar dat hy deurgaans in albei van die arenas bedrywig was. Verder sal daar ook getoon word hoe politieke sake Bonhoeffer se aksies beïnvloed het en hoe daar omgegaan is met die problematiek van die alledaagse lewe in Nazi-Duitsland.

3.2 Omstandighede wat gelei het tot die stigting van Finkenwalde

3.2.1 Die politieke omstandighede

Hitler is op 30 Januarie 1933 as kanselier van Duitsland verkies, twee dae voor Bonhoeffer se radio-uitsending aangaande die Führer. Die dag nadat die uitsending afgesny is, op 2 Februarie 1933, het

die staat 'n noodordonnansie uitgereik waarvolgens enige radiogesprekke of parades verbied is. Enigiemand wat 'n mening teen die Naziregering gelug het, kon in die tronk gegooi word. So het Hitler sy greep op die mense al hoe vaster getrek. Dit is aangehelp deur die Reichstag Vuurdekreet (Reichstag Fire Edict). Hierdie dekreet, uitgereik op 28 Februarie 1933, het verklaar dat die regering sonder rede mense kon arresteer en aanhou. Verder is die Toepaslikheidswet (Enabling Law) ook uitgereik op 23 Maart 1933. Die wet het Hitler se regering die reg gegee om wette in te stel sonder die toestemming van die Reichstag. Hitler se regering was ook nie meer gebind aan die konstitusie nie, en hulle kon vrylik ooreenkomste maak met buitelandse regerings. Hitler het deur hierdie instellings die meeste individuele demokratiese regte te na gekom of bloot ontnem. Teen Oktober 1933 is daar al meer as 26 000 mense gearresteer en tussen vyf- en seshonderd mense is dood (vermoor) as gevolg van die nuwe bepalings van Hitler se regering. Die Duitse bevolking het oor tyd, as gevolg van onder andere die oorweldigende mag van die polisie, aangepas by die vereistes van die regering. Deur hierdie politieke regeringskuiwe kon Hitler dus die denke en die aksies van die Duitsers beheer (Raum 2002:59-60).


Nadat Hitler die Ariesse klousule op 7 April 1933 ingestel het, is daar van alle leraars van die Duitse Evangeliese Kerk verwag om die klousule te onderteken. Hierdie klousule het vereis dat alle Jode of persone met Joodse agtergrond wat in diens van die staat was, afgedank sou word. Hierdie instelling het veral vir Bonhoeffer geraak aangesien dit sou beteken dat een van sy vriende, Franz Hildebrandt, nie in die Duitse kerk as leraar kon optree nie. Hierop het Bonhoeffer gereageer en verklaar dat as sy vriend nie in die Duitse gemeenskap mag bedien nie, hy ook nie gaan nie. Bonhoeffer het saam met sy Amerikaanse vriend Paul Lehmann daarin geslaag om 'n boodskap van die dreigende gevaar teen die Jode aan die Amerikaanse President Franklin Roosevelt ter bewusmaking van die situasie te stuur. Dit was nodig aangesien die Duitse media ook onder die beheer van Hitler was en die buiteland dus selde 'n ware weergawe van die situasie in Duitsland ontvang het (Raum 2002:61-62).

3.2.2 Die omstandighede binne die kerk

Daar was 'n groeiende beweging van binne die Duitse Evangeliese Kerk wat die Nazibeleid ondersteun het. Die aanhangers van hierdie beweging het die opkoms van Hitler gesien as 'n geleentheid om die invloed van die kerk te vermeerder. Hierdie groep, wat hulleself die Duitse Christene genoem het, het openlik 'n nasionale kerk ondersteun en het vas geglo dat die sukses van Hitler 'n seëning van God is. Volgens Raum was die beweging se geloof nie op Christus se leringe gebaseer nie, maar eerder op die beginsel dat God deur die natuur en die geskiedenis werk (Raum

2002:63). Hierdie teologie het rassisme veroorsaak, want net mense van suiwer Duitse afkoms was welkom in die kerk. Dus was sekere leraars soos Franz Hildebrand ook nie meer welkom in die kerk nie. Alle leraars was egter nie ten gunste van die Duitse Christene-beweging nie, maar hulle is deur die wet verplig om die regering te ondersteun en was so gebonde aan dié perspektief. As mens egter na die statistiek gaan kyk, sou ons kon sien dat 'n derde van die leraars teen die middel van die 1930's die Duitse Christelike Beweging ondersteun het. 'n Ander derde wou nie polities betrokke raak nie. Die laaste derde het besluit: "... *to return the church to its traditional biblical values and realized that to do so, they must speak out against the teachings of the German Christians*" (Raum 2002:64). Soos die tyd egter aangeloop het sou die laaste groep, wat getrou aan die Woord wou bly, se ondersteuning ontsettend verklein.

Hitler was in die situasie van mening dat hy nie in die kerk se sake belang gestel het nie, maar het wel die Duitse Christelike beweging ondersteun. Sy betrokkenheid het veroorsaak dat daar 'n aanvanklike toename in kerkbywoning was, maar dit was blykbaar kort van duur. Hitler het 'n ander metode nodig gehad om die mense te beïnvloed en het as uitkoms vereis dat alle kinders, seuns en dogters, deel word van die Hitler Jeugbeweging. Die samekomste van die beweging het geskied op Sondagoggende en dit het meegebring dat die kerk die meeste van sy invloed oor die jeug verloor het. Diegene wat nie hulle kinders by die beweging wou laat aansluit nie, het hul kinders van geleenthede tot verdere onderrig en sekere werkseleenthede ontnem (Raum 2002:64-65).



Dit was dus duidelik: diegene wat nie volledig in die Duitse droom ingekoop het nie en nie van Duitse afkoms was nie, sou op een of ander stadium deur die regering van Duitsland te na gekom word.

3.3 Bonhoeffer se reaksie op die politieke en kerklike omstandighede

Bonhoeffer het al die verwickelinge dopgehou en besluit dat hy nie anders kon as om sy stem te laat hoor nie. Hy het opgestaan vir die onderdrukking van die Jode en begin om artikels teen die aksies van die regering te publiseer. Bonhoeffer het van hier af geglo dat die kerk nie vir Hitler kon ondersteun en terselfdertyd die kerk van Christus kon bly nie. Tog het Bonhoeffer egter ten spyte van sy ongelukkigheid met die Duitse Evangeliese Kerk steeds binne die bestaande strukture probeer werk (Raum 2002:65).

Daar was egter 'n belangrike moment aan die kom, naamlik die verkiesing van die nuwe kerkbeamptes in April 1933. Bonhoeffer en die Jong Hervormers⁶ wou keer dat die Duitse Christene beheer oor die kerk kry. Tydens die verkiesing in April 1933 het daar hoop gekom toe Bonhoeffer-hulle se kandidaat, biskop Friedrich von Bodelschwingh, die eleksie gewen het en as die nuwe Reichbiskop verkies is. Daar was egter baie weerstand en druk van die Duitse Christene omtrent die verkiesing. Bodelschwingh het as gevolg van hierdie druk teen einde Junie 1933 bedank. Hitler self het voor die volgende herverkiesing in 'n radio-uitsending bekend gemaak dat hy verkies het dat die nuwe gekose Reichbiskop die nasionale beleid moes ondersteun (Raum 2002:69-72). Daar het 'n herverkiesing geskied en die Duitse Christene het gewen. Dit was egter duidelik dat iemand 'n hand in die uitkomst van die verkiesing gehad het. Na die oorwinning van die Duitse Christene besluit Bonhoeffer en sy vriende om hulle vanuit die kerkpolitiek te begin onttrek en te probeer om die kerk op 'n nuwe manier te stuur. Die eerste idee was om 'n belydenisskrif te skryf. Vir hierdie taak was Bonhoeffer self, asook Hermann Sasse genomineer. Die finale produk is die Bethel-belydenis genoem. Hierdie belydenis is deur ander teoloë bestudeer en na al die voorstelle en verandering wat hulle aangebring het, was Bonhoeffer baie teleurgesteld in sy eie kollegas. Volgens Bonhoeffer was hulle nie radikaal genoeg nie. Na die teleurstelling het Bonhoeffer eers tyd afgeneem en 'n beroep na Londen aanvaar (Raum 2002:76-77).

In 1934 reik Ryksbiskop Ludwig Müller van die Duitse Christene 'n verordening uit wat pastore verbied om die kerkstryd in enige prediking te intensifiseer. Hierteen het die Predikante-noodliga⁷ dadelik 'n protesverklaring uitgereik. Hierdie verklaring het weer eens gelei tot openbare debatvoering. Die Predikante-noodliga het egter hulle finale standpunt neergelê met die Barmen-verklaring. Dit is in 1934 deur Bonhoeffer se mentor, Karl Barth, geskryf. Die verklaring het egter gepaard gegaan met die stigting van 'n nuwe beweging in Duitsland, naamlik die Belydende Kerk. Dit was egter nie lank na die stigting van die Belydende Kerk dat die noodsaaklikheid van 'n eie teologiese seminarium besef is nie, aangesien die Duitse Christene alle seminariums beheer het. Dit is waarvoor die Belydende Kerk dan ook vir Bonhoeffer ontbied het om as direkteur van die seminarium op te tree. Hierdie was die begin van die seminarium by Finkenwalde (Raum 2002:82-84).

⁶ Die Jong Hervormers was 'n groep by wie Bonhoeffer aangesluit het, wat gedeel het in sy besorgdheid het aangaande die Jode.


⁷ Die Predikante-noodliga is gestig deur Bonhoeffer, Martin Niemöller, Franz Hildebrandt en Gerhard Jacobi. Hierdie groep het standpunt ingeneem in reaksie op die verrigtinge van die Duitse Evangeliese kerk. Eerstens het hulle hulle voorgeneem om die boodskap van die evangelie te verkondig. Tweedens het hulle meer gesag gegee aan die belydenisskrifte van die Reformasie. Derdens sou hulle verantwoordelikheid opneem vir dié wat vervolg is. Vierdens het hulle almal die bepalinge van die Ariese Klousule verwerp.

Uit die bogenoemde word gesien dat die politiek en die kerklike lewe so verweef was dat Bonhoeffer-hulle in albei betrokke moes wees. Nasionalisme het egter so 'n groot invloed gehad dat die droom van 'n nuwe Duitsland kerkgangers totaal gekorrupteer het. Die kerk is misbruik en mense gemanipuleer sodat 'n politieke droom verwesenlik kon word.

Bonhoeffer het die uitdagings van hierdie nasionalisme aangevat en dit probeer beveg met sy eie verstaan van wat die doel en boodskap van die Evangelie was. So kon hy nie die misbruik van die kerk ongesiens laat verbygaan nie en het hy op enige relevante plek sy stem laat hoor. Bonhoeffer het egter besef dat die Duitse Evangeliese Kerk nie van binne verander kon word nie, omdat die Duitse Christene te veel stem in die gebeure binne die kerk gehad het. Bonhoeffer-hulle het besef dat hulle, op grond van hul geloof, hulself van die Duitse Evangeliese Kerk moes onttrek.

Bonhoeffer se leierskap word dus geïllustreer deur sy betrokkenheid in kontekstueel-relevante kwessies, waar hy altyd die wesenlike probleem aangespreek het. Hy kritiseer egter nie net die situasie nie, maar het sy kritiese stem wel deurgaans vanuit sy teologiese oortuiging laat hoor. Die onttrekking vanuit die Duitse Evangeliese Kerk het egter eers gekom nadat die opposisie nie meer gehoor wou gee aan Bonhoeffer en die Predikante-noodliga se opinie nie. Verder was die Duitse Evangeliese Kerk ook nie oop vir gesprekke oor die situasie in Duitsland nie. Bonhoeffer het besef dat die politieke drome van die Duitse Christene hulle totaal verblind het.

3.4 Die seminarium by Finkenwalde



Bonhoeffer se onttrekking vanuit die politiek was egter nie 'n onttrekking van die situasie in Duitsland nie. Bonhoeffer het 'n nuwe benadering tot die situasie gehad. Die stigting van seminarium sou die Belydende Kerk in staat stel om studente op te lei en uit te stuur om sodoende hul siening te versprei. Almal wat betrokke was by die seminarium sou egter spoedig verneem dat die nasionale kerk hulle nie sou toelaat om hulle eie weë te volg nie. Die kerk het hul mag misbruik en die staat gebruik om alle opposisie en opinies wat nie in lyn was met die nasionale droom van Duitsland nie, uit die weg te ruim. Die wyse waarop die kerk sy mag misbruik het, word bespreek in die gedeelte aangaande Finkenwalde. Daar gaan egter eers gefokus word op die wyse waarop Finkenwalde vorm gekry het onder die leiding van Bonhoeffer. Daarna sal daar gefokus word op die verdere uitdagings wat deur die staat en die kerk aan die seminarium gestel is.

3.4.1 Die stigting van die seminarium

Die seminarium by Finkenwalde is, nadat 'n paar keer getrek moes word, uiteindelik gevestig op 'n verlate gedeelte van 'n landgoed wat voorheen as 'n privaatskool gedien het. Aan die gebou was daar 'n gimnasium en ook ekstra klaskamers. Bonhoeffer het dadelik begin om aan die 23 nuwe leerders sekere pligte uit te deel, soos geboue uitverf, groentetuine aanlê en die vra van donasies. Hierdie donasies was hoofsaaklik afkomstig van vriende en gemeentelede van die Belydende Kerk. Die bydraes van die gemeenskap en ander gemeentelede was oorweldigend en dit het onder andere klaviere en meubels ingesluit (Raum 2002:87).

Die toestande by die seminarium was egter nie op standaard nie, maar die omstandighede het juis veroorsaak dat daar 'n gevoel van plig onder die leerders ontstaan het. Die Finkenwalde-seminarium sou net 'n sukses kon wees as almal 'n bydrae gelewer het. Bonhoeffer het self baie van sy besittings soos sy teologiese boeke, kommentare en dogmatiese boeke aan die seminarium geskenk. Hierdie mededeelsaamheid van Bonhoeffer het die studente by Finkenwalde geïnspireer (Bethge 1985:348-9).

Verder was daar ook baie afleidings en situasies wat die seminariumstudente se aandag kon beïnvloed, soos die voorafgaande rondtrekkery opsoek na 'n geskikte gebou, die tekort aan boeke en die worsteling van die kerk. Dit is egter Bonhoeffer se gedissiplineerde werkswyse en daaglikse skedule wat alles bymekaar gehou het. Elke dag het begin en geëindig met 'n lang erediens. Hierdie eredienste het egter nie in 'n kerk of klaskamer geskied nie, maar rondom die etenstafel. Skriflesing het geskied deur die volg van 'n leesrooster vir die Nuwe en die Ou Testament wat aangevul is deur die sing van psalms en daar is afgesluit met die Onse Vader. Alle verrigtinge was egter nie so streng nie, Bonhoeffer sou op sonnige dae somer die klas stop en die studente buitentoe neem om die dag te geniet. Bonhoeffer se onderrigmetode was ook grootliks gebaseer op die voorbeeld wat hy gestel het. Hy sou bv. selfs prakties betrokke wees met die skoonmaak van die kombuis. Soms sou 'n student met skaamte agterkom dat iemand sy bed vir hom opgemaak het. Verder was Bonhoeffer se werkstempo ook buitengewoon. Wat gewone mense in 'n dag kon doen, het hy in 'n paar uur gedoen. Hierdie spoedige werkswyse van hom het as onregverdig voorgekom, maar Bonhoeffer het ook baie van sy tyd spandeer om ander die bronne in hulself te laat ontdek (Bethge 1985:349-351).

Bonhoeffer het ook een keer per week by die seminarium daarvoor tyd gemaak om sekere aktuele sake te bespreek. Politieke sake het gewoonlik die meeste van die tyd opgeneem. In die besprekings het Bonhoeffer egter spoedig agtergekome dat sy studente nie dieselfde perspektiewe as hy

aangaande die huidige omstandighede in Duitsland nie gedeel het. Die studente was oor die algemeen patrioties en gereed om hulle land te dien. Bonhoeffer het nie veel met hulle oor die punt redeneer nie. Hy het egter van die studente verwag om te aanvaar dat hy, volgens sy mening, Christus se voorskrifte gevolg het (Bethge 1985:353).

Die sillabus van Finkenwalde was ooreenstemmend met dié van ander Duitse seminariums. Dit het vakke soos homiletiek en kategetiese studies, pastorale sorg en liturgiese studies aangebied, saam met lesings oor die kerk, bediening en gemeenskap. Die enigste verskil was egter die reeks klasse aangaande dissipelskap wat Bonhoeffer bygebring het. Eberhard Bethge, vriend en biograaf van Bonhoeffer wat self 'n student aan Finkenwalde was, kon herroep dat studente na 'n paar uur van klas kon agterkom dat dissipelskap die hoofonderwerp van die geheel was. Volgens hom het hulle 'n teologiese gebeurtenis aanskou wat elke area van hul professionele lewens kon stimuleer (Bethge 1985:360).

Die tweede kursus wat by Finkenwalde aangebied is, het in die middel van November 1935 begin. In hierdie tyd het kerkpolitiek swaar oor Duitsland gehang. Die Reichminister Kerrl het vergaderings gehou om die kerk se finale opposisie vas te stel. Die eerste vergadering was met Wilhelm Zoellner en ander lede van die Reich Kerk-komitee. Die tweede vergadering was saam met Marahrens, en hy het die Eerste Voorlopige Kerkadministrasie verteenwoordig. Die derde vergadering was met Fritz Müller van die Ou Persiese Broederlike Raad en hierin het die lede van Finkenwalde groot belang gehad. Die gesprekke het egter nie verloop soos verlang nie, intendeel, Kerrl het Müller onderbreek en sy sienings as puntloos afgemaak. Hierdie insident het kommer gewek by Bonhoeffer. In 'n omsendbrief aan oudstudente het hy geskryf dat hulle moet begin erns maak met die gedagte dat Finkenwalde deur die kerk onwettig verklaar kan word (Bethge 1985:411).

Op Maandag 2 Desember 1935 het die Vyfde Dekreet in die koerante verskyn. Die wet het die Duitse Evangeliese Kerk beskerm en die implikasie daarvan was dat hierdie kerk die enigste erkende kerk in Duitsland was. Dit het egter nie die verbanning van die Belydende Kerk behels nie, maar die boodskap was duidelik volgens Bethge: *“no powers of ecclesiastical government or administration [are] to be vested in associations or groups within the church”* (1985:412). Hierdie dekreet het verder bepaal dat geen ordening of eksamens verder afgelê mag word nie en dat afgestudeerdes nie in 'n amp bevestig mag word nie. Dit was nou amptelik, Finkenwalde is eers deur die Kerk onwettig verklaar, en nou deur die staat ook.

Dit was verbasend dat die gevolge van die Vyfde Dekreet nie onmiddelik sigbaar was nie. Met die tyd was dit sigbaar dat stappe geneem is wat ten minste in lyn was met sommige bepalings van die dekreet. Hierdie dekreet het egter die lede van die Duitse Belydende Beweging weer eens laat betwyfel of hulle moes aanhou weerstand bied of eerder moes konformeer. Die seminarium het baie tyd en geld spandeer om leraars en studente vir die opposisie te oorreed. Oor 'n 100 000 pamflette is gedruk en uitgestuur op grond van 'n artikel van Otto Dibelius, getiteld *Die Staatskerk is Hier*. Alhoewel die polisie oral na die pamflette gesoek het, was daar geen hoop dat hulle almal kon kry nie (Bethge 1985:414).

Met die aanbreek van die tweede semester het Bonhoeffer die wyse waarop die kursus aangebied is, verander. Met die instemming van die Raad van Broeders is die kursus so aangebied dat daar deurgaans geassosieer kon word met die broers wat in vervolging was. Dit het Bonhoeffer reggekry deur elke slagoffer te noem by gebedsessies, meditasie en toewydingsgeleenthede (Bethge 1985:448).

3.4.2 Die laaste dae van die seminarium

In 1937 het die Ministerie van Religieuse Sake voortgegaan om wetgewing in te stel wat die geordendes van Finkenwalde benadeel het. Hierdie wetgewing sou onder andere bepaal dat die kerk nie meer byeenkomste op "sekulêre" of noodkerk-eiendom mog hou nie. Verder is die opname van kollekte verbied, om so die inkomste van die leraars te beperk. In 1937 is daar ook wetgewing ingestel dat enige kommunikasie wat deur duplikasie plaasvind, onderhewig was aan die Redaksionele Wet. Dit het alle kommunikasie tussen die Raad van Broeders en leraars bemoeilik. Bonhoeffer-hulle het metodes ontwikkel om elk van die wette teen die Belydende Kerk te omseil, maar dit het later hopeloos geraak. Die realiteit was dat mens nie meer in die Belydende Kerk kon bedien sonder om die wet te oortree nie (Bethge 1985:484).

In Julie 1937 is daar egter toegesak op van die oudleerlinge van Finkenwalde. Ondervragings is gehou, huise is deursoek, goedere is gekonfiskeer en arrestasies is gemaak. Ander naby vriende van Bonhoeffer soos Franz Hildebrandt en Martin Niemöller is ook in hegtenis geneem (Bethge 1985:489).

Teen die somer van 1937 was dit merkwaardig om te vind dat die seminarium nog nie self by die ontrafelende situasie ingetrek is nie. Die noodkerk by Finkenwalde is nie ondersoek nie en hier is verklarings nog vrylik gemaak. Kollekte is ook nog hier opgeneem. Hiermee saam is hulle omstrede

missionêre aktiwiteite ook nie verban nie. Die kwartaal is op die tradisionele wyse op 8 September 1937 met feesvieringe afgesluit. Dit was die vyfde groep studente wat by Finkenwalde opgelei is. Hierna is Bonhoeffer weg op vakansie saam met Eberhard Bethge. Op die 28 September het Bonhoeffer egter 'n oproep van Stettin gekry dat die Gestapo⁸ by die seminarium opgedaag het en die deure gesluit het. Die verklaring vir die verbod op die seminariums van die Belydende Kerk het eers die volgende dag in die koerante verskyn. Die verklaring was blykbaar al op 29 Augustus, 'n maand vantevore, uitgereik. Finkenwalde se deure is finaal gesluit (Bethge 1985:489-490).

In die volgende gedeelte aangaande Finkenwalde gaan daar meer gefokus word op die persoon en leier wat Bonhoeffer was. Deur te fokus op, onder andere, sy interaksie met die studente en sy toewyding aangaande die kommunikasie met die oudstudente, word die persoonlikheid van die leier ontvou. Bonhoeffer het die visie gehad om ten spyte van die gegewe situasie, nie fokus te verloor nie. Waar daar 'n versperring was deur bv. 'n nuwe wet, het Bonhoeffer 'n ompad gekry. Sy fokus op dissipelskap, saam met sy toegewydheid aan die Woord en die tyd wat hy spandeer het om dit te verstaan, het ook 'n wesenlike verskil gemaak.

3.5 Samevatting


In hierdie hoofstuk kan ons sien hoe Bonhoeffer se fokusarea van betrokkenheid tussen 1933 en 1937 verskuif het. Hy het aanvanklik 'n baie politiese aanslag gehad en in die kerk geredeneer oor meer dogmatiese kwessies en die verstaan van die Woord teenoor die Duitse ideologie wat aan die ontwikkel was. Hierdie politieke aanslag het egter al hoe minder invloed gehad soos die verhouding tussen die staat en die kerk gegroei het en die visie van die Ariesse Klousule meer en meer uitgeleef is.

Bonhoeffer se poging om van binne die kerkstrukture te veg, was egter later tevergeefs en dit het nodig geraak dat hy van buite die strukture werk. Verder kon daar ook nie meer geassosieer word met die dade en die besluite van die Duitse Evangeliese Kerk nie. Dit is bevestig deur die opstel van 'n belydenisskrif. Hierdie belydenis was dus direk teen die handeling van die staatskerk gerig.

Die hoofstuk dui egter ook op die wurgende effek wat die staat op die jong gelowiges van die Predikante-noodliga gehad het. In hierdie onseker tye kom die leierseienskappe van Bonhoeffer en sy kollegas na vore. Hierdie motivering en getrouheid aan hulle saak moes egter gekoppel word aan die wyse waarop hulle hul geloof geïnterpreteer het en geïnternaliseer het. Dus kan daar sekerlik

⁸ Die Duitse Polisie.

gesê word dat die individu se geestelikheid 'n rol gespeel het. Om hierdie rol vas te stel, sal daar gefokus word op die wyse waarop geestelikheid deur die leiers en studente van Finkenwalde beoefen is. Hierdie analise van die werkswyse in die beoefening van geestelikheid wat by Finkenwalde gevolg is, sal in die volgende hoofstuk hanteer word. Dit sal hanteer word deur 'n bespreking van Bonhoeffer se *Gemeinsames Leben*, wat hy geskryf het op grond van sy ervarings by Finkenwalde. Dit is gebaseer op die gesamentlike lewe in 'n gemeenskap en die wyse waarop die betrokke persone mekaar wedersyds bedien het.



4. *Die lewe tesame: Bonhoeffer se teologiese perspektiewe op gemeenskap en spiritualiteit*

4.1 Inleiding

Dit word deur hierdie geskrif duidelik dat daar nie bloot 'n literatuurstudie gedoen kan word wat fokus op Bonhoeffer se denke oor leierskap nie. Om Bonhoeffer as 'n leier te verstaan, moet dit wat hy aangaande leierskap geskryf het, geïnterpreteer word in die lig van die manier waarop hy leierskap uitgeleef het. Die probleem is egter dat leierskapsontwikkeling nie die hoofokus van Bonhoeffer se werke was nie, so ook nie die oprigting van leiers nie. Bonhoeffer se fokus was op die regte verstaan van die Christelike gemeenskap en 'n gepaste interaksie tussen die gelowiges. Dit gaan verder oor die korrekte verstaan van wie die individu op sy/haar eie is en wat die rol van die individu in die gemeenskap was.

Kelly identifiseer dat die behoefte om die funksionering van die Christelike gemeenskap te verstaan, al van vroeg af Bonhoeffer se passie was. Dit kan gesien word in die fokus van sy doktorsale dissertasie, *Sanctorum Communio*⁹, en sy latere dissertasie, *Akt und Sein*.¹⁰ Bonhoeffer se werke was egter meer as 'n behoefte om die aard van die kerk te verstaan. Die werke het hulle oorsprong gevind in 'n diepe oortuiging dat die Christelike gemeenskap die evangelie in hulle daaglikse lewens moes integreer en dit aan die wêreld moes reflekteer (Bonhoeffer 1996b:6-7).

Hierdie hoofstuk fokus op Bonhoeffer se denke aangaande die lewe in die gemeenskap op grond van sy boek *Gemeinsames Leben (Life Together)*¹¹. Hierdie boek het hy geskryf nadat hy die direkteur van die seminarium by Finkenwalde was. Dit is gebaseer op die alledaagse lewe tussen die studente en die bewerkstelling van 'n werklike Christelike gemeenskap. As die daaglikse praktiese uitlewing van die geloof dan vir Bonhoeffer so belangrik was, is dit sekerlik nodig om te sien hoe die mens hom-/haarself moes voorberei vir die daaglikse lewe in die Christelike gemeenskap. Bonhoeffer fokus op die wyse waarop 'n persoon hom-/haarself as individu moet oriënteer om later werklik die Christelike gemeenskap te kan waardeer en 'n rol daarin te kan speel. Die Engelse vertaling van *Gemeinsames Leben* is ingedeel in vier hoofstukke, naamlik gemeenskap,

⁹ Bonhoeffer, D. 1930. *Sanctorum Communio – A dogmatic inquiry into the Sociology of the Church*. Bonhoeffer het in die tesis 'n poging aangewend om sy diverse intellektuele agtergronde, nl. die sosiologie en die kritiese tradisie, in harmonie te bring met die teologie van Openbaring.

¹⁰ Bonhoeffer, D. 1931. *Akt und Sein* – Hierdie dissertasie van Bonhoeffer bevat sy denke aangaande mag, openbaring, andersheid, die teologiese metodiek en teologiese antropologie.

¹¹ Hierdie teks gaan gebruik word om die geestelike dimensie van die dag tesame uit te beeld. Dit dien as aanvulling vir die vorige hoofstuk. Hoofstuk 3 het meer op die praktiese verrigtinge by Finkenwalde gekonsentreer, en die aksies wat daar in reaksie op die instellings van die kerk en die staat geneem is.

die dag tesaam, die dag alleen, diensbaarheid en belydenis en die Nagmaal. Hierdie indelings fokus op die geestelikheid van die individu en sy/haar geestelike interaksie met ander.

4.2 Gemeenskap

Bonhoeffer was van mening dat die alledaagse verskynsel van die gemeenskap te ligtelik opgeneem word. Gemeenskap is as 'n basiese gegewe gesien, maar eintlik was die ervaring van gemeenskap vir Bonhoeffer 'n teken van genade.

“The Christian cannot simply take for granted the privilege of living among other Christians. Jesus Christ lived in the midst of his enemies” (Bonhoeffer 1996b:27).

Daar moet boonop blydskap wees in die samesyn van ander as teenreaksie op die alleenheid wat Christus aan die kruis verduur het (Bonhoeffer 1996b:27-28). Bonhoeffer brei lank uit oor die genade van gemeenskap. Genade kan volgens hom nie genoeg beklemtoon word nie, aangesien dit verband gehou het met die realisering van gemeenskaplikheid wat God vir die gelowiges bepaal het. Die gemeenskap is belangrik sodat Christene weer aan ander kan doen wat Christus vir hulle gedoen het, en dit is dat Hy hulle liefgehad het (Bonhoeffer 1996b:33). Die denke is gebaseer op die volgende:


“Christian community is not an ideal we have to realized, but rather a reality created by God in Christ in which we may participate. The more clearly we learn to recognize that the ground and strength and promise of all our community is in Jesus Christ alone, the more calmly we will learn to think about our community and pray and hope for it” (Bonhoeffer 1996b:38).

Die gemeenskap moet egter verder verstaan word as iets wat geestelik en nie psigies (selfgesentreer of emosioneel) is nie, aangesien dit in sy volheid gebaseer is op Jesus Christus. Sodoende verskil dit dus totaal van ander gemeenskappe. Hierdie gemeenskap se basis lê in die waarheid en die essensie daarvan is om in die lig te beweeg soos Christus in die lig beweeg het. Die liefde van die geestelike gemeenskap lê in Christus en is nie selfgesentreer nie. Selfgesentreerde liefde word gestuur deur die vlees en die eie behoeftes van die individu, maar geestelike liefde is daar om te dien en die ander op te bou. Hierdie geestelike liefde sien die ander en erken Christus in hom/haar en is gebaseer op diens aan die ander. Hierdie behoefte om die ander te dien, staan sentraal in die definisie van die

geestelike liefde want skielik gaan dit nie oor wat die Christen uit die gemeenskap kan kry nie, maar fokus hy of sy op die rol wat hulle in die gemeenskap kan speel (Bonhoeffer 1996b:39-44).

Die andersheid van die gelowige gemeenskap en die verhoudings wat binne die gemeenskap ontstaan, staan sentraal in die Christelike identiteit. Die geestelike broederskap¹² was vir Bonhoeffer nie vergelykbaar met enige ander vorm van gemeenskap nie. Skielik was die mense in Christus gebind deur die Heilige Gees en egte gemeenskap het ontstaan. Hierdie mense kon nie uit 'n selfsugtige perspektief gekies word nie. In die Christelike gemeenskap word almal onvoorwaardelik aanvaar juis omdat Christus in ander herken word. Eenheid en die liefde vir die ander word dus gevind in die gemeenskaplike liefde vir Christus. So raak die fokus tussen die mense om mekaar dan op te bou en geestelik te bedien in die gemeenskap. Hierdie onvoorwaardelike aanvaarding was nie ten bate van 'n gemeenskaplike doel nie. In hierdie proses van wedersydse geestelike versorging sou die waarde van die ander besef word.

By Finkenwalde het die lewe tesame implikasie gehad vir die daaglikse struktuur en die wyse waarmee Christene met mekaar omgegaan het. Bonhoeffer het besluit om die werksdag van die Finkenwalde-studente op 'n bepaalde manier in te deel. Hierdie indeling het sy verstaan van die praktiese uitlewing van die geloof weerspieël.



4.3 Die dag saam met ander

Bonhoeffer het vas geglo dat die oggend nie aan die individuele Christen behoort nie. Die oggend het aan die gemeenskap behoort. Hierdie gemeenskap het met die verskyning van die eerste lig die oggend onthou waarop die dood, die duiwel, en sonde oorwin is en die nuwe lewe deur redding van Christus aan die mens gegee is (Bonhoeffer 1996b:49). Bonhoeffer het die gesamentlike byeenkoms gemotiveer deur te verwys na die voorbeeld wat Abraham, Jakob, Moses, Josua en Jesus gestel het deur vroeg in die oggend op te staan uit 'n liefde vir God. Dit was immers die gebruik van die leiers in die Skrif (Bonhoeffer 1996b:52)

Die oggend tesame het volgens Bonhoeffer drie aspekte: 1) eer en danksegging, 2) die gesamentlike lees van die Skrif en 3) die gemeenskaplike gebed. Vir Bonhoeffer is die oggend volgens die Skrif belangrik aangesien die eerste denke van die dag aan God behoort:

Ps. 5:4 U luister na my stem in die môre, Here, in die môre terwyl ek voor U verskyn en op U wag.

¹² In die konteks van Finkenwalde word verwys na broederskap, aangesien al die teologiese studente mans was.

Ps. 88:14 Ek roep na U om hulp, Here, vroeg in die môre al bid ek tot U.

Ps. 57:9 Ek wil vroeg opstaan, met harp en lier wil ek die rooidag wakker maak!

Ps. 119:147 In die oggendskemer al roep ek om hulp en stel ek my vertrou in u Woord¹³.

Psalms wat saamgebid word, leer 'n Christen om te bid op grond van die Woord. Dit leer ook 'n Christen die beloftes in die Woord.

Die lees van die Skrif was 'n hoë prioriteit vir Bonhoeffer. In die oggendsessie het Bonhoeffer verwag dat daar groot dele teks saamgelees word, sodat die Woord geleer en gehoor kan word. Bonhoeffer beklemtoon dat die Woord geken moet word soos die hervormers en voorgangers dit geken het. Die rede was dat religieuse kernvrae nie uit ongegronde ervaring beantwoord word nie, maar dat dit uit ervaring wat op die Woord gebaseer is, geantwoord word (Bonhoeffer 1996b:51-63). Die samesang in die oggend was ook meer as 'n musikale oefening, maar was eerder 'n geestelike saak. Bonhoeffer was van mening dat die vreugde daarvan net werklik ervaar kon word as almal wat betrokke was met 'n gesindheid van gewydeid en dissipline deelgeneem het (Bonhoeffer 1996b:67). Na die oggendbyeenkoms van die Christene het Bonhoeffer belangrik gevind dat daar gewerk moet word (vgl. Ps. 104:23)¹⁴. Bonhoeffer het 'n kreatiewe spanning gevind tussen werk en gebed, die twee gedagtes het 'n onskeibare eenheid uitgemaak. Gebed was nie gebed sonder werk nie, en werk was ook nie werk sonder gebed nie. In die aand is die dag weer afgesluit met die bid van 'n Psalm, die gesamentlike skriflesing, 'n himne en gesamentlike gebed. So is die dag op dieselfde wyse afgesluit as wat dit geopen is. Daar was egter 'n verskil in hierdie gebed. Dit was 'n moment wanneer daar vir God se seën, vrede en bewaring gevra kon word vir die Christendom as geheel, die gemeente, vir pastore, die armes, ens. Hierdie gebed het ook skuldbelydenis ingesluit en het gevra vir beskerming deur die nag teen die bose (Bonhoeffer 1996b:74-78).

Bonhoeffer fokus dus op die aktiwiteite van die daaglikse lewe en meer spesifiek op die wedersydse gebondenheid van die gemeenskap. Die gesamentlike aktiwiteite is deur Bonhoeffer belangrik geag aangesien dit die herkenning van Christus in die ander aangehelp het, en ook die band wat die Heilige Gees tussen mense maak, bevestig het. Deur die aktiwiteite kon studente saam uit die Woord leer en dit saam interpreteer.

¹³ Die Bybel: Nuwe Vertaling (1983).


¹⁴ "Die mens gaan uit na sy werk en na sy arbeid tot die aand toe." (Ps. 104:23)

Die gesamentlike aktiwiteite en geloofbelydenis van Christene was egter nie die enigste belangrike aspek van die Christelike gemeenskap nie. Om in die gemeenskap te kan funksioneer, moes die gelowiges hulle eie verhouding en interaksie met God kon verstaan en beoefen. Hiervoor raak die individualiteit van die Christen ook belangrik en was dit nodig om die leerders van Finkenwalde te onderrig in verband hiermee. Gevolglik fokus die volgende afdeling op die individu se persoonlike identiteit, in terme van sy eie geestelike identiteit en die verantwoordelikheid wat dit teenoor die gemeenskap skep.

4.4 Die dag alleen

Baie mense soek na gemeenskap omdat hulle alleen is. Die doel van die Christelike gemeenskap is egter nie om alleenheid te oorkom nie, maar steeds is daar Christene wat vir hierdie persoonlike vervulling by die gemeenskap aansluit. Diegene stap gewoonlik meer teleurgesteld as voorheen weg. Die rede hiervoor is dat hulle vervulling soek op 'n gebied waar die groep dit nie kan gee nie. Die ironie is dat sulke persone later die groep blameer omdat daar nie aan hulle behoefte voldoen is nie (Bonhoeffer 1996b:81).

“Whoever cannot be alone [allein] should beware of community ... But the reverse is also true. Whoever cannot stand being in community should beware of being alone”
(Bonhoeffer 1996b:82).



Bonhoeffer is van mening dat die individu wat nie alleen kan wees nie, versigtig moet wees vir die gemeenskap. Die teenstelling is egter ook vir hom waar, en dit is dat die individu wat ook nie in gemeenskap kan funksioneer nie moet waak teen alleenwees. Die rede hiervoor is dat God die mens alleen geroep het, en elkeen vir 'n spesifieke doel. Dus as elkeen nie hom- of haarself as individu kan aanvaar nie, kan geen een sy/haar roeping aanvaar nie. Sulke individue kan volgens Bonhoeffer ook nie alleen bid nie. Die individu word egter van buite na die gemeenskap ingeroep. Hier dra elkeen sy of haar kruis, wroeg die individu en bid hulle in die gemeenskap. Dus: net die wat in gemeenskap is, kan alleen wees en net die wat alleen is kan in die gemeenskap leef (Bonhoeffer 1996b:82-83).


Waar daar op die dag alleen gefokus word, is daar drie gewoontes wat Bonhoeffer by die studente wou tuismaak, naamlik meditasie op die Skrif, gebed en intersessie. Al drie hierdie elemente behoort 'n plek te gevind het in die daaglikse meditasieperiode. Meditasie is op die persoon self

gerig en gaan oor God se wil vir die individu, soos dit deur die Heilige Gees aan hom/haar openbaar word. Dit is die tipe meditasie wat nie oor lang tekste strek nie, maar soms op 'n enkele vers of woord kan konsentreer (Bonhoeffer 1996b:86-87).

Intersessie gaan oor gebed vir ander persone. Die doel van die gebed is om ander in die teenwoordigheid van God te bring. Dit is gerig op spesifieke persone met bepaalde behoeftes of probleme en behels duidelike versoeke aan God. Intersessie bewys, volgens Bonhoeffer, God se genade vir elke Christen en Christelike gemeenskap (Bonhoeffer 1996b:90-91).

“Those who return to the community of Christians who live together, after a successful day, bring with them the blessing of their solitude, but they themselves receive anew the blessing of community” (Bonhoeffer 1996b:92).

Die verantwoordelikhedsin ten opsigte van solidariteit wat die individu ten opsigte van hom- of haarself moet opneem, is gebaseer op die aard van die individu se verhouding met God. Die dag alleen het 'n beginpunt gehad wat na binne gerig was. Die aard van die Christelike gemeenskap het egter veroorsaak dat die individu se persoonlike geestelike versorging nie by hom-/haarself kan stop nie. Dit word reeds opgetel in die manier waarop gebed deur intersessie uitgebrei is van die fokus op die individu na die fokus op ander. Hierdie intersessie is egter net die begin van die Christen se verantwoordelikheid teenoor die ander. Die verantwoordelikheid van die Christen moet uitgeleef word deur sy diensbaarheid.



4.5 Diensbaarheid

Die gemeenskap van gelowiges staan altyd die gevaar om hulself met ander in die gemeenskap te vergelyk. Dit word bevestig in Lukas 9:46 as die dissipels onder mekaar argumenteer oor wie van hulle die grootste (belangrikste) was. Bonhoeffer verklaar dit as die individu wat 'n poging aanwend tot selfregverdiging. Dit staan egter teenoor die regverdiging wat deur genade geskied (Bonhoeffer 1996b:93).

Hierdie kompetisie in die geloof moet vermy word, aangesien die individu nie in die geloofsgemeenskap deel om oor die ander te domineer nie, maar om die ander te help om hul Skepper te vind. Hierdie swakheid kan die geloofsgemeenskap maak of breek. Die kritiese houding wat die ander inneem is 'n wanpersepsie van die Christen se verstaan van sy eie regverdigmaking. Daar kan geen oordeel wees nie, want 'n Christen se eie sonde behoort die ergste te wees vir hom of

haar en dit behoort enige vorm van hoogmoed te breek. Regverdigmaking behoort, volgens Bonhoeffer, die Christen te lei tot diensbaarheid (Bonhoeffer 1996b:95-98).

Diensbaarheid bestaan vir Bonhoeffer uit drie aspekte: om te luister na die ander, om aktief hulp te verleen aan die ander, en om ander te dien deur mekaar se laste te dra. As die drie dienste aan ander gebied word, kan die grootste diens aan die ander gelewer word en dit is om die Woord van God aan die ander te bedien (Bonhoeffer 1996b:100-103). Christene moet tot die punt kom waar hulle God se Woord en wil aan ander gelowiges kan verklaar.

Dit is egter nie menslike liefde wat 'n persoon in staat stel om hom- of haarself konstant aan die ander te wy nie, maar God se liefde. Bonhoeffer bly klem lê op die kreatiewe spanning tussen jou nederigheid en diensbaarheid. Nederigheid in die erkenning van God se werk in die gemeenskap, want die gemeenskap het ontstaan uit Sy genade. Diensbaarheid gaan oor die individu se bewuswording van sy rol in die ander se lewe as instrument van God. Om hierdie rol te kan vervul, is dit belangrik dat die individu tyd op sy/haar eie kan spandeer in meditasie om werklik by God te hoor wat sy/haar verpligting is. Die gemeenskap van gelowiges het dus nie briljante persoonlikhede nodig nie, maar getroue diensknegte van Jesus en van mekaar (Bonhoeffer 1996b:106-107).

4.6 Belydenis en die nagmaal

“Those who remain alone with their evil are left utterly alone” (Bonhoeffer 1996b:108).


Met die oog op die aanhaling hierbo brei Bonhoeffer uit dat slegs diegene wat hulle sondes aan mekaar bely, werklik kan leer en verstaan wat gemeenskap is. Bonhoeffer het geglo in die belydenis tussen individue en het dit as 'n noodsaaklik gesien. Hy het dit gesien as die moment waar daar werklik deurbreek is na die kruis en waar trots as die wortel van sonde gebreek is. Hierdie deurbraak is egter vernederend, maar dit is 'n deurbreek na nuwe lewe. Hierdeur is die verlede van die individu afgelê wanneer sonde gehaat, bely en vergewe is. Gevolglik is 'n omkeer beleef en dit wat in die doop gebeur het, het opnuut deur die belydenis gebeur (Bonhoeffer 1996b:108-112).

Daar is deur die belydenis ook 'n deurbraak gemaak na 'n nuwe lewe. Bonhoeffer het gevoel dat daar deur die belydenis weggebreek is van die verlede. *“... where there is a break from sin there is conversion. Confession is conversion”* (Bonhoeffer 1996b:112).

Die moment van belydenis was in sigself die praktiese uitlewing van die volgeling van Christus. Belydenis voor ander Christene was egter ook die deurbraak tot versekering van ware belydenis. Dit het die sirkel van moontlike selfdeseptie van die individuele belydenis gebreek. 'n Individuele belydenis wat voorgegee het dat dit voor God gemaak is, kon onbewustelik in selfvergifnis omtaard eerder as ware vergifnis. Dus: om 'n belydenis voor 'n ander gelowige af te lê, sou die belydenis in die lig gestel het en die moontlikheid van selfdeseptie uitgeskakel het (Bonhoeffer 1996b:112).

Bonhoeffer het twee gevare identifiseer aan die belydenis van sonde tussen Christene. Die eerste hiervan was dat die aanhoorder van 'n belydenis die algemene aanhoorder van almal se belydenisse kon word. Hierdie persoon kon oorlaai word met die sorg van ander. Die tweede gevaar was vir diegene wat die belydenis aflê. Daar moes gewaak word dat die belydenis nie vir diegene 'n piëtistiese gebeurtenis word nie (Bonhoeffer 1996b:116).

Die belydenis van die Christen is, deur Bonhoeffer, gesien as 'n volledige handeling in sy eie reg. Die belydenis kon volgens hom wel ook as 'n inleiding tot die nagmaal dien. Dit is vir Bonhoeffer beklemtoon deur Matteus 5:23-24¹⁵, en daarom sou gelowiges voor die nagmaal bymekaar kom om hul sondes te bely. As die belydenis afgelê is, kon die gelowiges voor mekaar en voor God as versoendes staan. Dan kon daar in die nagmaal gedeel word en sou die ware essensie van Nagmaal verstaan word. Bonhoeffer het gevoel dat die gemeenskap deur die moment van die nagmaal hulle ware doel bereik het. Hier waar die werklike vreugde van Christus ontdek is, het die *Gemeinsames Leben* tot vervulling gekom.



4.7 Samevatting

In die tweede hoofstuk aangaande die leierskapbeginsel het Bonhoeffer verwys na die doel van leierskap. Die idee is uitgebrei tot die leier as die stigter van ware gemeenskap in die lig van sy posisie voor God as die hoogste gesag. In die derde hoofstuk, aangaande die stigting van Finkenwalde, kon mens egter sien hoe die idee gestalte gevind het in die wyse waarop Bonhoeffer ware gemeenskap kon bewerkstellig deur werklik te fokus op die ander in sy direkte omgewing.

Bonhoeffer se primêre fokus was op ander gelowiges, met inagneming van die geestelike karakter van die gemeenskap. Hierdie fokus van Bonhoeffer het bygedra tot die merkwaardigheid van sy leierskap. Bonhoeffer het die verantwoordelikheid van die individu verstaan ten opsigte van sy eie

¹⁵ Mat. 5:23-24 As jy dus jou gawe na die altaar toe bring en dit jou daar byval dat jou broer iets teen jou het, laat staan jou gawe daar by die altaar en gaan maak eers vrede met jou broer en kom dan en bring jou gawe.

geestelike lewe en die van ander in sy gemeenskap. Hy het ook die rol van die individu in die gemeenskap en die gemeenskap se rol ten opsigte van die individu bedink en verstaan. Teenoor die verantwoordelike aspek van die individu, het Bonhoeffer ook verstaan hoe broos die individu homself vind in die gemeenskap as gevolg van onder andere die belydenis van sonde teenoor die ander.

Dit is net as die gemeenskap as geestelike instelling verstaan word, met geloof in die inspraak wat die Gees in lewens het, dat diegene in die gemeenskap mekaar kan vorm. So is daar nuwe betekenis gegee aan die verstaan van gemeenskap. Gemeenskap is nie gemeenskap sonder intersessie en die deel van die Woord onder die betrokke gelowiges nie. Bonhoeffer kon die oefeninge nie skei van die akademiese milieu waar teologiese opleiding geskied het nie. Dit was vir hom ononderhandelbaar, want die deel van die Woord skep eenheid, nie net in denke nie, maar ook in gees. Hierdie eenheid van gees is juis 'n kernaspek van die geloof.

Bonhoeffer se fokus in teologiese opleiding was hoofsaaklik om seker te maak dat die leerlinge van Finkenwalde kon verstaan waaroor die Christelike geloof werklik gaan. Verder het die beoefening van geestelikheid deur die dag 'n norm geskep vir die wyse waarop die Christen se dag ingerig kon word. Die praktiese internalisering van die Woord was ontsettend belangrik, omdat dit 'n basis gevorm het vir die wyse waarop alle verdere aksies van die Christen uitgevoer is. Bonhoeffer het dus verstaan dat die praktiese ervaring van die geloofsgemeenskap veroorsaak het dat die studente die waarde daarvan besef het.

Die vraag wat egter in die laaste hoofstuk van hierdie geskrif gevra gaan word, is watter invloed Bonhoeffer se geestelikheid op die studente van Finkenwalde gehad het as deel van hulle teologiese opleiding. Kelly is van mening dat die meeste studente die wyse waarop geestelikheid by Finkenwalde beoefen is, aangeneem het as hulle eie en dit ook later op dieselfde wyse beoefen het (Bonhoeffer 1996b:14). Die vraag bly egter hoe Bonhoeffer se metodologie deur die studente ontvang is en op watter wyse dit die denke van die studente verander het. Watter indruk het Bonhoeffer werklik by sy studente gemaak? Om antwoorde op hierdie vrae te kry, gaan daar in die laaste hoofstuk gefokus word op die saamgestelde werk van Zimmermann en Smith, getiteld *I Knew Dietrich Bonhoeffer*. Hierdie bundel het die artikels versamel van diegene wat Bonhoeffer geken het. Elke skrywer het gefokus op 'n spesifieke era waarin hy of sy Bonhoeffer leer ken het, in briewe wat chronologies gerangskik is. So gaan daar hoofsaaklik gefokus word op die briewe wat aangaande die Finkenwalde-ervaring geskryf was, om sodoende die mense wat betrokke was, se mening aangaande die opleiding by Finkenwalde te kry.

5. Die ontvangs van Bonhoeffer as teologiese opvoeder

5.1 Inleiding

In die voorafgaande hoofstuk is daar gefokus op die inrigting van 'n basiese dag by Finkenwalde. Bonhoeffer het in die samestelling van hierdie dag, uitdrukking probeer gee aan sy eie verstaan en doel van die Christelike gemeenskap. Hierdie verstaan van die Christelike gemeenskap was nie 'n idee wat vir Bonhoeffer by Finkenwalde self ontstaan het nie, maar vind sy oorsprong al in van sy vroegste werke, naamlik *Sanctorum Communio* en *Akt und Sein*.

In hierdie hoofstuk word gefokus op die wyse waarop Bonhoeffer se teologiese opleiding ontvang is. Dit gaan saamgevat word aan die hand van uitsprake wat deur volgelinge, vriende en kennisse van Bonhoeffer gemaak is. Dit gaan egter ook gepaard met die indrukke wat Bonhoeffer gelaat het by diegene wat by die seminarium betrokke was of op een of ander manier daaraan verbonde was. Dit gaan dus oor die gedagtes oor Bonhoeffer in die kollektiewe geheue.

In die hoofstuk is dit belangrik dat die opinies van die volgende persone nie as empiriese navorsing gesien moet word nie. Die doel daarvan is nie om Bonhoeffer as persoon beter te verstaan nie. Dit gaan oor die indrukke wat hy gelaat het, hetsy objektief of subjektief, histories akkuraat of onakkuraat hierdeur weergegee. Op die grond van laasgenoemde kan die volgende nie ontleed of krities behandel word nie, maar behoort dit gesien te word as getuigskrifte oor persepsies wat mense van Bonhoeffer gevorm het.

5.2 Wolf-Dieter Zimmermann

Zimmermann skryf as 'n oudstudent van die seminarium by Finkenwalde. Die eerste herinnering wat hy van Finkenwalde gehad het, was die orde wat gehandhaaf is. Hy was ook een van die wat gesukkel het met die meditasie wat Bonhoeffer vereis het:

“What we experienced, however, at least at the beginning, was emptiness in ourselves and in the text where knowledge and answers had been promised to us” (Zimmermann 1966:108).

Meditasie was werklik 'n probleem vir die studente van die seminarium en daar is besluit dat dit as 'n gesamentlike oefening aangepak moet word. Na die implementering van hierdie besluit, het

Zimmermann gevoel dat die studente 'n beter idee gekry het van wat meditasie behels. Na lang periodes van konsentrasie kon die student verstaan hoe die teks “'n meester” kon wees. So is die Woord deur Zimmermann in 'n ander lig ervaar. Dit was vir hom nie meer 'n subjek wat bestudeer word nie, maar die Woord het “mag” gehad wat ontsyfer kon word (Zimmermann 1966:108).

Zimmermann kan ook onthou dat Bonhoeffer klem gelê het op die noodsaaklikheid van belydenis, veral met die oog op die gebruik van die Nagmaal. Bonhoeffer het die studente aangeraai om 'n ander student te identifiseer saam met wie hulle 'n pad kon stap. Hierdie “pad” het ook die verantwoordelikheid van die wedersydse sondebelydenis behels. So herroep Zimmermann dat sy kamermaat, Otto-Karl Lerche, hom genader het vir die rol. Die twee het jare na Finkenwalde hierdie belydende verhouding deurgevoer totdat Lerche in die oorlog as vermis aangemeld is (Zimmermann 1966:109).

5.3 Werner Koch

Werner Koch was ook 'n student by die Finkenwalde-seminarium. Hy het daar gaan studeer as gevolg van die groot bewondering wat hy vir Bonhoeffer gehad het:

“Though, if Dietrich Bonhoeffer had not been the head of the Theological school, I would probably never have gone to Pomerania except for holidays. But in fact I stayed for almost six months. To be allowed to be with Dietrich Bonhoeffer, to live with him under one roof, promised to be a very special experience ... especially then, at a time so full of decisions” (Koch 1966:112).

Koch het Bonhoeffer op die trein na Stettin ontmoet en was verbaas om sy gesig te sien, aangesien Koch van mening was dat hy hom gereeld die vorige dag in Berlyn gesien het. Bonhoeffer se reaksie was in die vorm van vraag, waar hy by Koch wou weet of hy dan al 'n foto van Bonhoeffer gesien het. Koch het egter nee geantwoord, maar verduidelik hoe hy geweet het dit is Bonhoeffer wat hy gesien het:

“I felt like I met a saint ... I felt directly: that is he – a man of God, set apart for the coming martyrdom” (Koch 1966:112-113).


5.4 Johannes Goebel

Johannes Goebel was 'n assistent-prediker in Berlyn wat na Finkenwalde gegaan het om teologiese opleiding te ontvang. Hy was een van die studente wat aan die eerste kursus van Finkenwalde deelgeneem het. Goebel skryf dat hy nie Bonhoeffer se meditatiewe leefstyl aangeneem het nie en ook nie sy unieke preekstyl nie. Hy kon wel assosieer met Bonhoeffer se werk in *The Cost of Discipleship*. Verder is sy eie teologiese denke en perspektiewe ook deur die laasgenoemde gevorm. Goebel skryf:

“Bonhoeffer ... gives me the way to solve problems in present-day theology. This holds true even though I cannot preach as he did” (Goebel 1966:123).

Verder herroep Goebel dat Bonhoeffer altyd vir die studente 'n ruimte geskep het waar die student hul eie onafgeronde, onvolwasse denke kon uiter. Bonhoeffer het die talent gehad om sulke gedagtes dan in iets positief te vervorm. Goebel skryf oor die ervaring:

“He knew how to turn even abstruse ideas into something positive; we felt that and became confident. Had he not told us that even an answer or a question that seemed silly may be of use? It made us happy to experience the same objectivity, but also the concentration peculiar to him, when he listened to our confessions” (Goebel 1966:124).



5.5 Albrecht Schönherr

As Albert Schönherr Bonhoeffer beskryf, probeer hy klem lê op die aspek van Bonhoeffer wat almal fassineer het. Dit was vir Schönherr nie geleë in enige van sy eksterne kwaliteite soos sy voorkoms, stemtoon of die manier waarop hy homself geformuleer het nie, maar in sy solidariteit.

“Perhaps it was that here we met a quite single-hearted, or in the words of Matthew vi, 22, a ‘sound’ man. Never did I discover in him anything low, undisciplined, mean. He could be relaxed, but he never let himself go. It is for such a life of one piece, such an example that a young person longs. Bonhoeffer detested binding men to himself, perhaps for that very reason so many were drawn to him” (Schönherr 1966:126).


Hierdie solidariteit is ook uitgeleef in die balans wat Bonhoeffer in die lewe gehandhaaf het, deur byvoorbeeld sport en ontspanning net so ernstig op te neem as sy teologie. Verder was sy lewe

gebou op 'n fondasie van gesonde familiebande, en hy het altyd uiting gegee aan sy eie skerp logiese denke. Op 'n kritiese vlak onthou Albert Schönherr ook dat daar 'n tekort aan direkte persoonlike warmte was van Bonhoeffer se kant af, maar hierteenoor onthou hy egter ook dat Bonhoeffer tot uiterstes sou gaan met diegene wat werklik 'n geestelike behoefte gehad het (Schönherr 1966:126-129).

5.6 Hellmut Traub

Hellmut Traub was Bonhoeffer se opvolger by die seminarium nadat hy in die lente van 1939 na Amerika vertrek het. By sy eerste ontmoeting was Traub opgewonde om die jong teoloog te ontmoet, maar was aanvanklik teleurgesteld in Bonhoeffer:

“However, in our conversation at that moment I still thought I had to accuse him of remaining, so to speak, in meditation, after I expected so much of him. He reproved me for my lack of self-control. But he also answered me in a positive way by saying that any meditation and contemplation was only possible, meaningful and permissible if it was connected with a deliberate entering into and acting within the world ... But it has remained clearly fixed in my mind that he directed me towards the world (not away from the church, but from churchliness), that is to the way of the prophet. I need not add that during this conversation my disappointment vanished” (Traub 1966:157-158).



Traub noem egter dat hy 'n sekere sin van hulpeloosheid in Bonhoeffer se stem opgetel het, en beweer dat dit moontlik 'n bydrae gelewer het tot Bonhoeffer se keuse om na Amerika te gaan. Traub was egter onsettend teleurgesteld in Bonhoeffer se keuse om terug te keur uit Amerika, aangesien daar teen hierdie stadium geen hoop meer vir Duitsland was nie. Die eerste rede hoekom Bonhoeffer teruggekeer het, was as gevolg van sy broeders van die Belydende Kerk. Hy kon nie wegbly met die wete dat hulle nog in Duitsland was nie. Die tweede rede was dat hy nie net 'n buitestaander kon wees en toekyk hoe Duitsland verval nie (Traub 1966:159-160).

Deurgaans was Traub teleurgesteld in Bonhoeffer se aksies, maar het keer op keer gevind dat Bonhoeffer hom eintlik beïndruk het sodra hy die motivering tot sy aksies aangehoor het.

5.7 Samevatting

Dit is opvallend dat al die bogenoemdes, Zimmermann, Koch, Goebel, Schönherr en Traub, op een of ander manier verwys na Bonhoeffer se geestelikheid en geesdrif. Dit kom ook voor dat dit iets besonders was om in Bonhoeffer se teenwoordigheid te wees. Om die rede hiervoor te omskryf was egter nie maklik vir een van hierdie persone nie. Dit was nie iets tasbaars nie. Dalk vat Schönherr dit die beste raak as hy Bonhoeffer se solidariteit uit verskillende benaderings omskryf. Uit hierdie persoonlike solidariteit kon hy ruimte skep vir ander, waar die studente van Finkenwalde met hul vrae en ontwikkelende denke na hom toe kon kom vir leiding sonder die vrees dat hul gedagtes om een of ander rede afgemaak sou word.

Bonhoeffer se persoonlike dissipline was ook 'n kernaspek waarna altyd verwys is. Hierdie persoonlike dissipline is ook uitgebeeld in die dissipline wat gehandhaaf is by die Finkenwalde-seminarium. Meditasie en belydenis is ook in hierdie dissipline ingesluit en die persone wat tyd saam met Bonhoeffer spandeer het, bevestig dit deurgaans. Hierdie beoefening van geestelikheid het vorming gegee aan Bonhoeffer se etiese waardes en standvastigheid.

Die laaste aspek van Bonhoeffer waarna daar deur sy vriende verwys is, is sy deursettingsvermoë. Dit het meer en meer na vore gekom, veral in die laaste dae van Finkenwalde. Bonhoeffer se deursettingsvermoë het hom gedwing om byvoorbeeld teen die einde van Finkenwalde, nadat die Redaksionele Wet ingestel is en die Belydende Kerk onwettig verklaar is, steeds 'n weg te vind om relevante en noodsaaklike nuus deur te kry na die oudstudente van Finkenwalde. Dit was ook hierdie gedreweheid wat meegebring het dat Bonhoeffer vanuit die veiligheid van Amerika teruggekeer het na Duitsland om by sy mense te wees ten spyte van die noodlottige verval wat vir Duitsland voorgelê het en die lewensgevaar wat dit vir hom ingehou het.

Bonhoeffer het die mense rondom hom deurgaans beïndruk. Dit het egter nie beteken dat almal Bonhoeffer self wou wees nie. Almal wou nie eenvoudig Bonhoeffer se werkswyse oorneem en dit hulle eie maak nie. Bonhoeffer se werkswyse en menswees was egter van so aard dat die mense rondom hom die sin daarvan kon erken en daarmee kon assosieer.

6. Samevatting en Gevolgtrekking

Hierdie studie het die lewe van Bonhoeffer, tussen die jare 1933 en 1937, vanuit verskeie hoeke benader. Dit het gefokus op sy persepsie van leierskap, die wyse waarop hy leiding geneem het, sy metodiek in die opleiding van leraars en die spirituele grondslag wat as basis gedien het vir homself en die teologiese opleiding wat hy aangebied het.

Verder is daar gefokus op sy betrokkenheid in die publieke arena, waar hy teen die vorm van leierskap wat Hitler as die Führer voorgestel het, die keuses van die Duitse Evangeliese kerk en die Duitse Christene opgestaan het.

In hierdie studie lig die navorser ook uit dat Bonhoeffer nie alleen onthou kan word vir sy edel pogings teen die regering van Hitler en die Duitse Evangeliese kerk nie. Die rede hiervoor is dat hierdie pogings, volgens die navorser, nie in wese vir Bonhoeffer gemaak het wie hy was nie. Bonhoeffer het nie eendag besluit dat die gebeure in Duitsland nie pluis is en dat hy daarteen moet reageer nie. Die klem val deurgaans in hierdie geskrif daarop dat daar 'n konkrete rede was waarom Bonhoeffer in sy gegewe situasie op 'n gegewe wyse gereageer het. Hierdie rede was diep gegrond in sy teologiese verstaan van wat die Christelike lewe vir die individu en die gemeenskap behels het.

In verband met teologiese opleiding is die bedoeling van hierdie geskrif om nuwe vrae te vra oor die wyse waarop teologiese opleiding kan geskied, sodat 'n mens deurgaans die beste leraars, wat nie noodwendig dieselfde as teoloë is nie, kan oplei. Uiteraard is teologiese kompetensie van deurslaggewende belang, maar dit strek weier as blote akademiese vaardighede. Anders gestel is die vraag: As ons meer teoloë soos Bonhoeffer wil oplei wat moontlik soortgelyke invloed kan hê, waarop moet daar gefokus word? Moet daar gefokus word op die teoloog se vaardighede in die publieke debat, wat natuurlik nodig is, of behoort die primêre fokus te daarop wees om die leraar te laat verstaan wat dit behels om deel te wees van die Christelike gemeenskap?

In hierdie geskrif word daar opnuut waardering gevind vir die historiese benadering tot teologie. Leierskap en spiritualiteit is ondersoek aan die hand van Bonhoeffer se leierskap en geestelikheid en deur die gebruik van die historiese benadering kon daar opnuut klem gelê word op die wyse waarop ons teologiese persepsies (in hierdie geval Bonhoeffer se leierskapspersepsie) beïnvloed en verander word sodra dit met die realiteit van 'n gegewe konteks gekonfronteer word. Die historiese benadering herinner ons aan die wyse waarop daar steeds met historiese gebeurtenisse geassosieer

kan word, al het die gebeure in 'n ander tyd, konteks en kultuur afgespeel. Verder dui die historiese benadering op die geweldige ooreenstemmings in behoeftes van die alledaagse samelewing, al is daar weer eens die verskil van tyd, konteks en kultuur.

Op grond van die bogenoemde kan daar ag geslaan word op die voorbeelde wat Bonhoeffer in sy teologiese opleiding gestel het. Die assosiasies wat moontlik is as gevolg van die historiese benadering, maak 'n mens bewus van die rol wat geestelikheid in teologiese opleiding speel. Verder kan die historiese benadering ook weergee wat die effek, gevolg en resepsie van Bonhoeffer se geestelikheid was. Dit kan die hedendaagse denke aangaande teologiese opleiding vorm wanneer daar gestreef word na 'n bepaalde effek, gevolg of resepsie.

Die tesis was eindelijk ook gemik op die historiese bewusmaking van die verhouding wat bestaan tussen leierskap, spiritualiteit en teologiese opleiding. Deur die navorsing het die navorsers wel bewus geraak van die beperkinge van geestelikheid in leierskapsvorming. Teologiese opleiding kan die individu se leierskapspotensiaal ontwikkel en verbeter. Dit kan ook 'n student op so 'n wyse toerus dat hy/sy weet hoe om sy/haar potensiaal self te ontgin. Teologiese opleiding kan egter nie die volgende Bonhoeffer produseer nie, hierdie is 'n keuse wat in die individu lê en in verhouding staan met die gesag wat God aan die individu gee. Laasgenoemde stel egter 'n vraag teenoor Bonhoeffer se stelling wat vroeër gemaak is: "Die Führer is veronderstel om sy volgelinge weg van sy eie outoriteit te lei na die outoriteit van die hiërargie en die amp" (§ 2.4). Alhoewel hier na die leier van die land verwys word, is dit op grond van die artikel ook relevant vir Bonhoeffer se leierskap. Duidelik is dit 'n goeie beginsel waarna Bonhoeffer verwys, maar in die lig van sy omstandighede was dit egter nie vir hom moontlik nie.

Die realiteit was soos volg: Hitler as Führer het oor die beperking van sy amp getree sodat hy in sy persoonlike agenda kon slaag. Dit het nuwe uitdagings aan sy opposisie gestel en dus moes Bonhoeffer op 'n nuwe kreatiewe manier leierskap beliggaam. Dit het beteken dat Bonhoeffer uit sy amp by die Duitse Evangeliese Kerk moes tree (sodat hy buite die beperkinge van sy amp kan optree), in teenstand van die kerk en van die Duitse regering.. Dit het Bonhoeffer gedoen juis op grond van sy geloof, wat gevoed is deur sy geestelikheid.

Geestelikheid maak nie mense leiers nie. Geestelikheid kan die leier egter opbou en motiveer om te doen wat nodig is in 'n gegewe tyd en konteks waar daar radikale keuses gemaak moet word.

Bronnelys

- Bethge, E. 1985. *Dietrich Bonhoeffer*. Glasgow: William Collins Sons.
- Bonhoeffer, D. 1965. *No Rusty Swords: Letters and Notes*. London: Collins.
- Bonhoeffer, D. 1996a. *Act and Being: Dietrich Bonhoeffer Works. Volume 2*. Minneapolis: Fortress.
- Bonhoeffer, D. 1996b. *Life Together and Prayer book of the Bible: Dietrich Bonhoeffer Works. Volume 5*. Minneapolis: Fortress.
- Bonhoeffer, D. 1998. *Sanctorum Communio: A Theological Study of the Sociology of the Church. Dietrich Bonhoeffer Works. Volume 1*. Minneapolis: Fortress.
- Die Bybel. Nuwe vertaling. 1983. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.
- Goebel, J. 1966. When He Sat Down at the Piano. In Zimmermann, W. & Smith R.G. (eds.). *I Knew Dietrich Bonhoeffer*. London: Collins. pp. 123-125.
- Kelly, G.B. & Nelson, F.B. 2003. *The Cost of Moral Leadership*. Grand Rapids: Eerdmans.
- Koch, W. 1966. Dietrich Bonhoeffer in Pomerania. In Zimmermann, W. & Smith R.G. (eds.). *I Knew Dietrich Bonhoeffer*. London: Collins. pp. 112-122.
- Raum, E. 2002. *Dietrich Bonhoeffer: Called by God*. London: Continuum.
- Schönherr, A. 1966. The Single-heartedness of the Provoked. In Zimmermann, W. & Smith R.G. (eds.). *I Knew Dietrich Bonhoeffer*. London: Collins. pp. 126-129.
- Traub, H. 1966. Two Recollections. In Zimmermann, W. & Smith R.G. (eds.). *I Knew Dietrich Bonhoeffer*. London: Collins. pp. 156-161.
- Zimmermann, W. 1966. Finkenwalde. In Zimmermann, W. & Smith R.G. (eds.). *I Knew Dietrich Bonhoeffer*. London: Collins. pp. 107-111.